'N BEHUISINGSOPNAME VAN NIE-BLANKE PLAASARBEIDERS WERKSAAM BY 102 UITVOERDRUIWEBOERE IN DIE DISTRIK PAARL.

deur

Annalene J. Kirsten.

Verhandeling ingegee ter verkryging van die graad M.A. in die Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Stellenbosch.

Promotor: Dr. Erika Theron.

November 1953.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

E R K E N N I N G

Hiermee wens ek my hartlike dank en waardering uit te spreek teenoor die uitvoerdruiweboere van die Paarl en distrik wat hierdie ondersoek vir my moontlik gemaak het deur hulle vriendelike samewerking. Hartlik dank ook aan die plaasarbeiders op die plase van hierdie boere vir hulle samewerking.

Vervolgens my dank aan die amptenare van die Afdelingsraad en die Munisipaliteit van die Paarl, en die Hoofkantoor van die Sagtevrugteraad vir hulle hulpvaardigheid tydens die ondersoek. Hartlik dank ook aan mej. J. Conradie wat die manuskrip getik het.

Die ondersoek is onder die bekwame leiding van dr. Erika Theron uitgevoer, wat as promotor opgetree het en op wie se voorstel die ondersoek onderneem is. Besonder veel dank is aan haar verskuldig vir haar goeie leiding en vriendelike raad.

STELLENBOSCH.
November 1953.

Annalene J. Kirsten.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

I N H O U D S O P G A W E

HOOFSTUK		bls.
I	INLEIDING	1
II	DIE GEBIED VAN ONDERSOEK	8
III	DIE LIGGING VAN DIE WONINGS OP DIE PLASE	16
IV	DIE KONSTRUKSIE EN GROOTTE VAN DIE HUISE EN DIE GETAL INWONERS ...	23
V	WATERAANLEG EN SANITÊRE GERIEWE...	41
VI	ADDISIONELE VOORREGTE VAN DIE ARBEIDERS WAT SAAM MET VRY BEHUISING GAAN	51
VII	DIE HOUDING EN OPINIES VAN DIE BOERE TEN OPSIGTE VAN DIE BEHUISING VAN PLAASARBEIDERS	60
VIII	BEVINDINGS EN AANBEVELINGS	67
BYLAAG A:	SKEDULE INGEVUL BY DIE PLAASEIENAARS	80
BYLAAG B:	SKEDULE INGEVUL BY DIE WONINGS VAN DIE ARBEIDERS	83
BYLAAG C:	BOUREGULASIES VAN DIE AFDELINGSRAAD VAN DIE PAARL EN BYLAE VÀN SPESIFIKASIE WAT INGEDIEN MOET WORD BY AANSOEK OM GOEDKEURING VAN BOU-ONTWERPE ..	89
BYLAAG D:	VORM WAT BY DIE STADSRAAD VAN DIE PAARL INGELEWER MOET WORD BY AANSOEK OM GOEDKEURING VAN BOU-ONTWERPE	101
BIBLIOGRAFIE		102

TABELLE/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bls.

TABELLE

I	Afstand wat wonings vanaf plaaswerf geleë is	18
II	Mure gepleister en afgewit	26
III	Die digtheid van die dakke volgens die aanwesigheid van geute en plafonne, die tipe dakke, en die aard van die plafon en dakmateriale	na p.28
IV	Die aantal vertrekke en inwoners per woning	36
V	Die voorsiening van sanitêre geriewe vir die wonings van die arbeiders .	45
VI	Die aard van die sanitêre geriewe indien wel voorsien	46

KAARTE

I	Die ligging van die Magistraatsdistrik van die Paarl	na p. 8
II	Die Gebied van Ondersoek	na p.11

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK I

I N L E I D I N G

1. DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Daar is rede om bekommerd te voel oor die onbevredigende behuising van plaasarbeiders, wat nie soos die stads - of dorpsbewoners in staat is om van die geleenthede en geriewe van sub-ekonomiese behuisingskemas gebruik te maak nie.

Alhoewel die Adviserende Kleurlingraad in 1948 by die Regering aanbeveel het dat 'n subsidie vir plaasboere beskikbaar gestel moet word vir die voorsiening van behuisingsgeriewe vir hulle arbeiders,[1] is daar tot dusver nog geen voorsiening van so 'n aard beskikbaar nie. Vir die boer is die voorsiening in voldoende behuising vir sy arbeiders dus 'n ekstra finansiële las wat nie op die skouers, van byvoorbeeld industriële werkgewers in stedelike gebiede, rus nie. Hierbenewens het die boer ook nog te kampe met 'n tipe Kleurling wat oor die algemeen weinig respek betoon teenoor die huis/.....

1) Sien Vierde Jaarverslag van die Adviserende Kleurlingraad - U.G. 10/1948.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die huis wat hy bewoon en dit moedig geensins die boer aan om die behuisingsomstandighede van sy arbeiders te verbeter nie. Ook word die gebrek aan maatskaplike dienste ter beskikking van plaasarbeiders, gevoel.

Die hoofdoel van hierdie ondersoek was dus veral om vas te stel in hoeverre die behuisingstoestande op die plase in die spesifieke gebied van ondersoek,[2] bevredigend is al dan nie wat betref die ligging, higiëniese omstandighede, water, sanitasie en die konstruksie van die huise. Verder is ook nagegaan watter addisionele voorregte die arbeiders geniet bo en behalwe vry behuising.

In 'n slothoofstuk is verder nagegaan wat die houding van die plaaseienaars is ten opsigte van die behuising van hul plaasarbeiders, bv. beskou hulle goeie behuisingstoestande in hierdie verband as essensieel vir die welsyn van die arbeider sowel as vir die welvaart van die boerdery, of gaan hulle van die standpunt uit dat die arbeiders, weens gebrek aan agtergrond, nie verbeterde omstandighede kan waardeer nie?

2./.....

---

2) Sien Hoofstuk II: Die Gebied van Ondersoek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. DIE METODES WAARVOLGENS DIE INLIGTING INGEWIN IS

Om die verlangde gegewens te verkry, is twee skedules[3] opgestel wat onderskeidelik by elke plaaseienaar en by die huis[4] van elke plaasarbeider ingevul moes word. Met eersgenoemde skedule is beoog om sekere algemene inligting soos bv., hoeveel huise daar vir plaasarbeiders opdie plaas is en wie verantwoordelik is vir die reparasies aan die huise ens., van die boer te verkry. Verder moes hierdie skedule dien as uitgangspunt in die voer van 'n onderhoud met die boer. Tydens die voer van hierdie onderhoud het die ondersoeker deur die toepassing van die gevallestudie metode, 'n noukeurige waarneming gemaak van die houdings en opinies van die boer ten opsigte van die behuising van sy arbeiders.

Die/.....

---

3) Sien Bylae A en B.

4) As „huis" het die ondersoeker geneem elke kamer of stel kamers wat deur die plaaseienaar àan een huishouding toegestaan is. Die ondersoeker het ook 'n skedule ingevul by leë huise wat slegs tydelik onbewoon is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die ondersoeker kon in al die gevalle haar indrukke, en die menings van die boere aanteken tydens die voer van die onderhoude.

By die opstel van die skedule wat by die huise van die arbeiders ingevul moes word, is veral gelet op die ligging van die huis, die aantal persone wat dit bewoon, en die konstruksie van die huis. Voorsiening is ook op die skedule gemaak vir inligting i.v.m. wateraanleg en sanitêre geriewe asook vir ander voorregte in verband met hulle huishoudings, wat die arbeiders geniet.

Aan die hand van genoemde skedules, is die uiteindelike verslag beide statisties en beskrywend weergegee.

3. BRONNE VAN INLIGTING

Inligting is tydens die ondersoek, by die volgende bronne verkry:

a) Die Hoofkantoor van die Sagtevrugteraad in Kaapstad het aan die ondersoeker 'n lys van al die druiwe-uitvoer-boere in die Paarl en distrik [5], en ook 'n kaart waarop hulle geografiese ligging aangedui is, verskaf.

b)/.....

---

5) Sien Hoofstuk II: Gebied van Ondersoek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

b) Met 'n skedule as uitgangspunt, is onderhoude met 102 boere op 102 verskillende plase gevoer.

c) 'n Tweede skedule is ingevul by die nie-blanke bewoners van elkeen van 817 wonings, wat as plaasarbeiders op die plase gehuisves is. [6]

d) 'n Onderhoud is ook gevoer met die Gesondheidsbeampte van die Afdelingsraad Paarl, wat aan die ondersoeker alle inligting verskaf het aangaande die bouregulasies van die Afdelingsraad. [7]

e) Aangesien 48 van die plase wat in die gebied van ondersoek val, binne die munisipale area van die Paarl geleë is, is inligting by die Munisipaliteit van die Paarl ingewin aangaande bouregulasies [8] vir die bou van wonings vir plaasarbeiders op plase binne hierdie gebied.

f) Verder is inligting ingewin deur baie noukeurige waarneming tydens besoek op die verskillende plase.

4/.....

---

6) 35 of 4.3% van die wonings is deur naturelle bewoon, terwyl die orige 782 of 95.7% deur Kleurlinge bewoon is.

7) Sien Bylaag C.

8) Hierdie bouregulasies stem ooreen met die gebruiklike bouregulasies wat van toepassing is in die meeste munisipale gebiede.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4. MOEILIKHEDE IN VERBAND MET DIE INSAMELING VAN DIE GEGEWENS

Alhoewel die ondersoeker kan getuig van baie gewillige samewerking tydens die insameling van die gegewens, wil sy tog melding maak van die volgende moeilikhede waar sy in hierdie verband mee te kampe gehad het.

a) 'n Belangrike vereiste vir enige wetenskaplike ondersoek is dat dit objektief moet wees. Aangesien die ondersoeker self op 'n druiwe-uitvoer-plaas in die distrik opgegroei het, was dit moeilik om altyd heeltemal objektief te staan teenoor die verskillende probleme, houdings en opinies wat tydens die ondersoek aan die lig gekom het.

b) Op sommige plase waar die plaaseienaar nie op die plaas woonagtig is nie, of waar laasgenoemde met vakansie was, is die nodige inligting van die plaasvoorman verkry. In enkele gevalle moes die vrou van die plaaseienaar as informante dien aangesien haar eggenoot nie beskikbaar was nie. Die ondersoeker sou in genoemde gevalle verkies het om met die plaaseienaars persoonlik kennis te maak.

c) Toe die ondersoeker die arbeiderwonings besoek het, het sy huise teëgekom wat toegesluit was omdat beide die man en die vrou bedags werk. In sulke gevalle moes die inligting by die bure ingewin word. Alhoewel die inligting

van so 'n/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van so 'n aard is dat dit op genoemde wyse betreklik betroubaar verkry kon word, was dit tog nie die gewenste toestand nie, veral daar die ondersoeker nie altyd toegang tot genoemde huise gehad het nie.

d) Die ondersoeker het verder gevind dat ongeveer 10% van die boere by gebrek aan kennis, nie al die informasie kon verstrek nie; hierdie informante was ten tyde van die ondersoek nog vir 'n betreklike kort periode die eienaars van hul plase.

e) Op een plaas het die boer sy arbeiders tydelik in 'n stoor gehuisves omdat laasgenoemde se wonings gesloop en nuwes in aanbou was. Onder hierdie omstandighede kon die ondersoeker dus nie, behalwe 'n onderhoud met die boer, enige verdere ondersoek doen nie.

Verder het die ondersoeker geen probleme ondervind met die insameling van die gegewens nie. Inteendeel is die algehele samewerking van al die boere verkry en afgesien van enkele uitsonderings, was selfs die plaasarbeiders sonder agterdog en gretig om saam te werk.

5. TYDPERK VAN DIE ONDERSOEK

Daar is in Februarie 1953 'n aanvang met die insameling van die gegewens gemaak, en teen Junie 1953 is die ondersoek voltooi.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK II

DIE GEBIED VAN ONDERSOEK

1. BESONDERHEDE AANGAANDE DIE GEOGRAFIESE TOESTANDE EN DIE BEVOLKING VAN DIE DISTRIK WAARIN DIE GEBIED VAN ONDERSOEK VAL

a) Die ligging:[1]

Die Paarl is in die Wamakersvallei tussen twee bergreekse geleë: die Drakensteinbergreeks aan die Oostekant en Paarlberg aan die Westekant. Die magistraatsdistrik strek egter oor 'n uitgebreide gebied wat 'n oppervlakte van 399 vierkant myl[2] beslaan.

Aan die Noord-Oostekant sluit die distrik by Wellington aan, en aan die Noorde en Noord-westekant by Malmesbury. Die gebied wat aan die Noordekant by Malmesbury aansluit, word Paardeberg genoem. Aan die Weste en Suid-westekant van Paarlberg, grens die distrik onderskeidelik aan die Kaap en Stellenbosch en sluit Kraaifontein en Klapmuts in.

Vanaf/.....

---

1) Hierdie beskrywing word toegelig deur 'n bygaande kaart van „Die ligging van die Magistraatsdistrik van die Paarl."

2) Unie Jaarboek No. 21 van 1940 pp. viii.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

KAART NO. I

DIE LIGGING VAN DIE MAGISTRAATSDISTRIK VAN DIE PAARL



Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vanaf Klapmuts loop die grenslyn Suid-oos en sluit Groot Drakenstein en Franschoek in. Simonsberg vorm die natuurlike grens tussen Klapmuts en Stellenbosch, en by Franschoek vorm die Hottentots-Hollandbergreeks die grens tussen die magistraatsdistrik van Paarl en dié van Caledon. Aan die Oostekant van die distrik, waar die gebiede Klein Drakenstein en Daljosaphat ingesluit word, vorm die Drakensteinbergreeks die natuurlike grens tussen Worcester en die Paarl.

b) Klimaatstoestande:

Die Paarl is geleë in 'n winterreënvalstreek met 'n gemiddelde jaarlikse reënval van ongeveer 35 duim, waarvan meer as 75% gedurende die maande April tot September aangeteken word. Die klimaatstoestande word verder gekenmerk deur gematigde winters en baie warm en droë somers met gemiddelde temperature van 52°F en 75°F in die winter en somer onderskeidelik. Die heersende winde van hierdie area is hoofsaaklik die noord-westewind in die winter en die suid-ooste en suid-weste winde in die somer.

c) Bevolking:

Volgens die sensusopnames van 1936 en 1946 onderskeidelik, is die bevolkingsyfers vir die magistraats-

distrik/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

distrik van die Paarl soos volg:

	1936 sensus 3)	1946 sensus 4)
Blankes	12,391	14,703
Nie-blankes	21,587	29,872
Alle rasse	33,978	44,575

Die volgende is die bevolkingsyfers vir die munisipale area van die Paarl:

	1936 sensus 5)	1946 sensus 6)
Blankes	8,823	11,184
Asiate	34	64
Kleurlinge	9,248	13,370
Naturelle	474	2,668
Alle rasse	18,579	27,286

Uit bogenoemde syfers kan 'n aansienlike bevolkingsgroei vanaf 1936 tot 1946 in die Paarl waargeneem word.

Dit/.....

---

3) Unie Jaarboek No. 21 van 1940. pp. viii.

4) Syfers verkry by Magistraatskantoor van die Paarl.

5) Unie Jaarboek No. 21 van 1940. pp. 1038.

6) Unie Jaarboek No. 25 van 1949. pp. 1121.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit kan grootliks toegeskryf word aan die vinnige ontwikkeling van die Paarl tot 'n belangrike nywerheidsentrum. Die fabrieke beid baie werksgeleenthede met goeie lone vir Kleurlingarbeiders, gevolglik het die boere in die munisipale gebied geen arbeidsprobleem nie. In dié tye wanneer daar nie werk op die plase vir die nie-blanke vroue is nie, werk hulle in die fabrieke en vul sodoende die gesin se inkomste aansienlik aan. Die boer het egter nog altyd 'n houvas op hierdie Kleurlinge gedurende seisoentye op die plaas, aangesien hulle sy huise bewoon. Hoe verder die plaas egter van die dorp geleë is, hoe groter is die boer se arbeidsprobleem omdat die aantrekkingskrag van die dorp blykbaar te groot is.

d) Die aard van die boerdery:

Die volgende tipes boerdery word in die magistraatsdistrik van die Paarl aangetref:

1) Wingerdboerdery.

   a) Tafeldruiwe;
   b) Wyndruiwe.

2) Gemengde vrugteboerdery.

3) Saai - en veeboerdery [7] gemengd.

In/.....

---

7) Boere wat saai, hou gewoonlik ook skape aan: ongeveer een skaap per morg.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

KAART NO II



Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In hierdie verband is dit nodig om daarop te let dat die aard van die boerdery bepaal word deur die verskille in die geaardheid van die grond in die verskillende dele van die distrik, asook die beskikbaarheid al dan nie van water vir besproeiing in die somer. Vervolgens word besonderhede aangaande die aard van die boerdery dan ook soos volg geklassifiseer (sien vel bygevoeg na bls. 12).

2. BESONDERHEDE OOR DIE GEBIED VAN ONDERSOEK

Die Tipe boerdery en waar gelee:

Weens die geografiese uitgestrektheid van die distrik, was dit onmoontlik om al die plase in te sluit. Die ondersoeker het haar dus by een tipe boerdery nl. uitvoerdruiweboerdery bepaal om sodoende die omstandighede van die gebied van ondersoek so homogeen moontlik te maak.

In die magistraatsdistrik van die Paarl, is die verspreiding van die plase[8] waarop uitvoerdruiwe gekweek word, soos volg:

Paarl-vallei	-	61 plase
Windmeul	-	18 plase
Groot Drakenstein	-	14 plase

Paardeberg/.....

8) Vir die verspreiding van die plase waarop uitvoerdruiwe gekweek word. Sien bygaande kaart van „Die Gebied van Ondersoek."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

KLASSIFIKASIE VAN DIE AARD VAN DIE BOERDERY VOLGENS DIE GEAARDHEID VAN DIE GROND EN DIE BESKIKBAARHEID VAN BESPROEIINGSWATER IN DIE SOMER, SOOS DIT VOORKOM IN DIE VERSKILLENDE DELE VAN DIE MAGISTRAATSDISTRIK VAN DIE PAARL

DEEL VAN DISTRIK	GEAARDHEID VAN GROND	BESPROEIINGSWATER IN SOMER	AARD VAN BOERDERY
Paarl-vallei	Baie ryk grond - wissel van diep berggraniet tot sanderige leemgrond.	Voldoende besproeiing water.	Gemengde vrugteboerdery. 1) Hoofsaaklik tafeldruiwe. 2) Vrugte ‡ 3) Wyndruiwe.
Windmeul	Wissel van diep berg-graniet tot sanderige leemgrond.	Beperkte besproeiingswater.	Gemengde vrugteboerdery. 1) Hoofsaaklik tafel en wyndruiwe. 2) Vrugte. ‡
Paardeberg	Goeie diep leemgrond.	Beperkte besproeiingswater.	Gemengde boerdery: 1) Hoofsaaklik wyndruiwe. 2) Tafeldruiwe. 3) Saai en veeboerdery.
Onmiddellike Agter Paarl	Wissel van gruis na die leemgrond.	Beperkte besproeiingswater.	Gemengde vrugteboerdery. 1) Hoofsaaklik wyndruiwe. 2) Tafeldruiwe. 3) Vrugte. ‡
Agter Paarl	Baie vlak grond.	Geen besproeiingswater.	Saai en veeboerdery gemengd
Kraaifontein-Klapmuts area	Diep ligte sandgrond.	Geen besproeiingswater.	Gemengde boerdery: 1) Hoofsaaklik saai en veeboerdery. 2) Wyndruiwe.
Groot Drakenstein	Wissel van sanderige tot sanderige leemgrond.	Baie besproeiingswater.	Gemengde vrugteboerdery: 1) Hoofsaaklik vrugte ‡‡ 2) Tafeldruiwe. 3) Wyndruiwe.
Klein Drakenstein	Vlak grond van gemiddelde gehalte.	Beperkte besproeiingswater.	Gemengde vrugteboerdery: 1) Hoofsaaklik vrugte ✱ 2) Wyndruiwe. 3) Klein % tafeldruiwe.
Daljosphat	Sanderige grond van swak gehalte.	Beperkte besproeiingswater.	Gemengde vrugteboerdery: 1) Vrugte. ✱ 2) Wyndruiwe.
Gedeelte van Agter Paarl wat by Wellington en Paarde-berg aansluit.	Baie vlak grond.	Geen besproeiingswater.	Saai en veeboerdery gemengd.

‡ Perskes en pruime.
‡‡ Perskes en pruime en pere.
✱ Koejawels, appelkose, lemoene en nartjies.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Paardeberg	-	5 plase
Klein Drakenstein	-	3 plase
Agter Paarl	-	1 plaas
TOTAAL	-	102 plase.

Die verspreiding van hierdie tipe boerdery soos hierbo uiteengesit, kan as volg verklaar word:

Afgesien van die gunstige geografiese omstandighede van die streek Paarl-vallei, is daar ook ander faktore wat bydra tot die konsentrasie van uitvoerdruiweboerdery in hierdie area. Die feit dat Paarl-vallei grotendeels binne die Paarl se munisipale grense geleë is, hou verskeie voordele in. Soos reeds gemeld veroorsaak die aanwesigheid van die fabrieke dat die Kleurlinge verkies om op die plase in die dorp te werk. Verder is uitvoerdruiweboere uit die aard van hulle boerdery uiters afhanklik van seisoenarbeid, en die dorp met sy nie-blanke woonbuurtes en Kleurlingbevolking van 13,370, bied 'n gerieflike bron van arbeid tydens die druiweseisoene. Die plase is ook binne gerieflike afstand van die spoorwegstasies geleë, en dit beperk nie alleen die vervoerkoste van die druiwe tot 'n minimum nie, maar skakel ook die probleem van druiwe wat oor lang afstande en slegte paaie in die hitte vervoer moet word, uit. Verder is die boere in die dorp in die geleentheid om

van/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van munisipale water vir besproeiing gebruik te maak. Die grond in hierdie area is baie intensief bewerk en die waarde per morg baie hoog;[9] die plase is gevolglik besonder klein en beslaan op twee uitsonderings[10] na, gemiddeld slegs 10 - 15 morge elk. Bogenoemde omstandighede geld ook vir Windmeul, die gedeelte van die distrik wat by Noorder-Paarl aansluit, met die uitsondering dat besproeiingswater in hierdie gebied meer beperk is aangesien dit buite die munisipale area van die Paarl geleë is.

In die Groot Drakenstein-area is die grond nie so algemeen beboubaar soos in Paarl-vallei nie en gevolglik is die plase groter, en minder intensief bewerk. Die grootte van die plase in hierdie area is gemiddeld 30 morge elk.

Alhoewel die geografiese omstandighede in Paardeberg baie geskik is vir die kweek van uitvoerdruiwe, is verskeie ander ongunstige faktore verantwoordelik vir die feit dat

slegs/.....

---

9) Dit word gereken op ± £2,000 per morg.

10) Hierdie 2 plase sluit ook 'n groot oppervlakte onbewerkte berggrond in en beslaan elk ongeveer 150 morge.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

slegs vyf boere in hierdie gebied op klein skaal druiwe uitvoer, terwyl hulle hul hoofsaaklik toelê op die kweek van wyndruiwe. Die feit dat hierdie plase ongeveer 8 myl van die dorp geleë is en dat daar geen Kleurlingskole in hierdie area bestaan nie, skep 'n arbeidsprobleem wat die werksaamhede van uitvoerdruiweboerdery baie bemoeilik. Verder moet die druiwe oor 'n lang afstand en slegte paaie in die hitte na die naaste spoorwegstasie in die dorp vervoer word. Bogenoemde omstandighede geld ook vir Agter Paarl, waar slegs een boer op klein skaal druiwe uitvoer.

Die geografiese omstandighede in Klein Drakenstein is minder gunstig vir die kweek van uitvoerdruiwe en daarom voer slegs drie boere in hierdie area op klein skaal druiwe uit.

Die ander dele in die distrik is nie geskik vir die kweek van uitvoerdruiwe nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK III

DIE LIGGING VAN DIE WONINGS OP DIE PLASE

Die bouregulasies van die Afdelingsraad[1] sluit sekere bepalings in ten opsigte van die ligging van die wonings van plaasarbeiders. Die verhoed bv. dat daar op besmette of ongesonde terreine, óf op terreine wat nie geredelik gedreineer kan word nie, gebou word. Dit bepaal ook dat aan die agter - of sykante van die wonings 'n oop ruimte van minstens 150 vierkant voet moet wees. Aangesien genoemde regulasies egter slegs sedert 1 Januarie 1950 algemeen van toepassing is, word ongewenste toestande in hierdie verband nog baie algemeen aangetref.

Daar is geen vasgestelde reël neer te lê in verband met die ligging van die wonings nie. Gewoonlik bou die boer dit op enige plek op sy plaas waar hy nie die grond gebruik vir plantasies nie, en mits dit nie naby sy eie huis is nie. Dit sal egter ook nie te ver van die werf af gebou word nie, aangesien dit ongerieflik sal wees as die arbeiders vir werk geroep moet word. Dit was egter

nie/.....

1) Sien Bylaag C vir besonderhede.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie altyd vir plaaseienaars binne die munisipale area moontlik om die wonings op hulle plase te bou nie, daar die plase binne hierdie gebied besonder klein is.[2] In sulke gevalle is die huise in 'n geskikte woonbuurt in die dorp, binne gerieflike afstand van die plaas, geleë.

Die woonhuise is gewoonlik naby mekaar geleë. 'n Algemene verskynsel is dat vyf of ses huise bymekaar op een deel van die plaas gebou is, en 'n paar ander weer op heeltemal 'n ander deel. Die boere vind dat die arbeiders verkies om so in 'n groep bymekaar te woon. So vind die persoon wat op groter skaal boer en noodwendig vir baie arbeiders huisvesting moet verskaf dit gewoonlik makliker om arbeiders te kry as gevolg van die feit dat die Kleurling gelukkiger is as hy in 'n groep saam woon. Onder sulke omstandighede vind die individuele gesin dit egter moeilik om die onmiddellike omgewing van sy huis netjies te hou en dit te verfraai, want dit is gedurig blootgestel aan die onverantwoordelike optrede van Kleurlinge onder die invloed van drank, en van kinders. Die ondersoeker het slegs op een plaas ideale toestande in hierdie verband aangetref. Die plaaseienaar het 10 woonhuise vir sy arbeiders en die huise is elkeen afsonderlik, ongeveer

50 tree/.....

---

2) Sien Hoofstuk II - Gebied van Ondersoek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

50 tree uitmekaar, gebou. Rondom elke huis is daar ruimte om 'n tuin aan te lê en elke gesin probeer om sy omgewing na die beste van sy vermoë te verfraai. Al die plaaseienaars beskik egter nie oor geskikte terreine om sulke ideale toestande te skep nie.

1. AFSTAND VANAF WERF

Soos uit onderstaande Tabel No. I waargeneem kan word, is 77.2% van die wonings wat besoek is, binne 440 tree of ¼ myl van die plaaswerf geleë. Dit bevestig dus die stelling dat dit vir beide die boer en die arbeider geriefliker is as laasgenoemde naby die werf woon.

TABEL NO. I

AFSTAND WAT WONINGS VANAF PLAASWERF GELEË IS

Afstand vanaf werf		Aantal wonings	%
Tree	Myl		
0 - 440	0 - ¼	631	77.2
440 - 880	¼ - ½	96	11.8
880 - 1320	½ - ¾	10	1.2
1320 - 1760	¾ - 1	53	6.5
1760 - 2200	1 - 1¼	12	1.5
2200 - 2640	1¼ - 1½	15	1.8

Slegs/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Slegs 90 of 11% van die wonings wat besoek is, is verder as ½ myl van die plaaswerf geleë. 75 van hierdie wonings is op 14 plase binne die munisipale gebied geleë. In al hierdie gevalle kan die plaaseienaars nie al hul arbeiders op hul plase huisves nie, en gevolglik word hulle in 'n geskikte naburige woonbuurt gehuisves. Die ondersoeker het slegs op twee plase in die distrik 15 wonings aangetref wat ± 1 myl van die plaaswerf geleë is.

2. GEVARE OP STAANPLEK VAN DIE WONING

Wat hierdie aspek van die ligging van die wonings aanbetref is toestande baie gunstig. Oor die algemeen is die woonhuise op baie veilige terreine gebou.

In 167 gevalle is die woonhuise langs 'n hoofpad of straat geleë. Hierdie toestand hou die gevaar in dat, veral as daar nie ander speelruimte beskikbaar is nie, die kinders in die straat of pad sal speel en blootgestel word aan die gevaar om deur 'n voertuig omgery te word. Op een plaas het die ondersoeker die wonings teenaan die treinspoor aangetref. Die Kleurlingvroue het veral in hierdie geval vertel van hul bekommernis en moeilike taak om die kinders altyd op 'n veilige afstand van die treinspoor te hou.

Verder/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Verder was 10, 8 en 4 wonings onderskeidelik langs riviere, groot gronddamme en 'n breë sloot geleë. Hierdie arbeiders het wel die gerief van genoegsame water vir wasdoeleindes, maar moet gedurig op hul hoede wees dat ongevalle van verdrinking nie voorkom nie.

Die res van die wonings wat besoek is, nl. 623 of 76.3% is almal op veilige terreine geleë.

3. ONHIGIËNIESE EN ONGESONDE TOESTANDE NABY HUISE

Op higiëniese gebied is daar groot ruimte vir verbetering wat die ligging van die wonings betref. Dit is bv. 'n algemene verskynsel dat die grond rondom die huise in die winter baie nat word; dit gebeur dikwels dat daar 'n plaat water voor die deur staan wanneer dit baie gereën het. Hierdie ongesonde toestand is by 50% van die huise aangetref. Enkele boere het wel pogings aangewend om toestande te verbeter deur gruis om die huise te gooi, of deur afvoerslote te maak wat die water wegkeer wannneer dit reën, maar oor die algemeen is daar weinig aan hierdie toestande gedoen. Boere behoort toe te sien dat die terreine deeglik dreineer word voordat die wonings gebou word.

Vuilishope/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vuilishope in die nabyheid van die wonings skep ook 'n baie onhigieniese toestand. Volgens munisipale regulasies is dit verpligtend dat elke huis wat binne die munisipale gebied geleë is, voorsien is van 'n vuilisdrom wat gereeld deur munisipale werknemers geledig word. Die plaasarbeiders wat in die Afdelingsraad gebied gehuisves is, moet egter in die meeste gevalle self sorg vir die verwydering van die vuilis wat uit hulle huise afkomstig is. Sommige arbeiders verwyder die vuilis deur dit weekliks te verbrand en ander begrawe dit. Die ondersoeker het egter by 307 huise vuilishope naby die wonings aangetref. Hierdie toestand is baie onhigienies veral daar dit vlieë lok. Enkele boere verwyder wel die vuilis van die wonings van hul arbeiders deur dit gereeld met 'n vragmotor weg te ry. Ander boere stuur 'n vragmotor slegs een of twee keer per jaar na die terrein van die wonings om die vuilis te verwyder. Op een plaas wat aan 'n maatskappy behoort wat op groot skaal boer, is besondere gunstige omstandighede ten opsigte van behuising van arbeiders, aangetref. Daar is huisvesting vir 30 gesinne en elke twee huise het 'n vuilisdrom wat gereeld geledig word. 'n Spesiale persoon is aangestel wat verantwoordelik is vir die netheid

van die/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die terrein waarop die wonings geleë is sowel as vir die netheid van die sanitêre geriewe.

Oor die algemeen kan ten slotte opgemerk word dat die boere meer aandag behoort te gee aan die terreine waarop die wonings van hulle arbeiders gebou is en gebou word. Slegs 12% van die wonings wat besoek is, was onder absolute gesonde en hegieniese omstandighede geleë. Die boer behoort meer bewus te wees van die belangrikheid van gesonde omgewingsomstandighede, vir die gesondheid van sy arbeiders.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK IV

DIE KONSTRUKSIE EN GROOTTE VAN DIE HUISE EN DIE GETAL INWONERS

A. DIE KONSTRUKSIE VAN DIE HUISE

Volgens die bouregulasies van die Afdelingsraad en die Munisipaliteit is daar sekere minimum standaarde met betrekking tot die konstruksie van arbeiderwonings op plase. Die regulasies bepaal ook dat voordat 'n boer met die bou van nuwe arbeiderwonings kan begin, hy 'n bouplan, wat voldoen aan die vereistes van hierdie minimum standaarde, tesame met 'n Bylae van Spesifikasie [1] wat hy ingevul het, by die Afdelingsraad of Munisipaliteit vir goedkeuring moet indien. Indien die boer nie hierdie prosedure volg nie, of dit wel doen, maar nie stiptelik volgens die goedgekeurde planne bou nie, besit die betrokke raad die bevoegdheid om aan sodanige boer 'n kennisgewing te rig waarin van hom vereis word om die woning binne 'n

vasgestelde/.....

---

1) Sien Bylaes C en D.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vasgestelde tydperk te sloop. Hierdie regulasie verhoed dus dat boere na willekeur wonings, wat nie voldoen aan die raad se vereistes nie, vir hulle arbeiders bou. Soos reeds egter in die voorafgaande hoofstuk gemeld, is die Afdelingsraad se bouregulasies slegs sedert 1 Januarie 1950 algemeen van toepassing. Aangesien slegs 8.8% van die wonings wat in die distrik besoek is, gedurende en na 1950 gebou is, is dit dus te begryp dat 'n groot persentasie van die huise nog veel te wense oorlaat ten opsigte van hulle konstruksie. Oor die algemeen is dan ook 'n beter tipe woning op die plase binne die munisipale gebied aangetref.

Volgens genoemde minimum standaarde, moet die mure van die wonings van bakstene (sementblokke word soms ook toegelaat) gebou en met 'n mengsel van boukalk sand en 10% sement gepleister word. Die dikte van die buite - en binnemure is vasgestel op 9" en 4½" onderskeidelik, terwyl die hoogte vanaf die vloer tot die plafon minstens 9 voet moet wees. Ten opsigte van ventilasie word standaardlugroosters in die mure en onder die vloere vereis.

Alhoewel die Afdelingsraad plank - en konkreetvloere toelaat, beveel hulle geen van beide aan nie aangesien

dit/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dit deur hulle Gesondheidsinspekteur beweer word dat eersgenoemde onhigienies is as dit nie gereeld geskrop word nie, en 'n konkreetvloer te koud is. Grondvloere van vasgestampte klei word aanbeveel, mits die fondamente van die huis goed gelig word om vogtigheid te voorkom. Die fondamente van die huise moet van konkreet wees. Die munisipaliteit bepaal egter dat die slaapvertrekke van die wonings plankvloere moet hê.

Die huise moet voorsien wees van staandakke wat met geriffelde sink of asbesplate gedek is. In gevalle van sinkplaat-dakke word plafonne vereis omdat hierdie tipe dakke in die winter baie sweet en dus drup veroorsaak. Die plafon mag dan van houtplafonplanke, gladde asbesplate, celotex, veltplate of enige erkende plafonmateriaal wees. Indien die dakmateriaal van geriffelde asbesplate is, word daar nie op 'n plafon aangedring nie, aangesien hierdie soort dakke nie in die winter sweet nie.

Alhoewel houtvensters toegelaat word, word staalvensters aanbeveel met glasruite as 'n vereiste. Die Afdelingsraad en Munisipaliteit bepaal onderskeidelik dat die vensterruimte minstens een twaalfde en een tiende van die vloeroppervlakte moet wees. Minstens die helfte van die venster moet oopgemaak kan word. Om redes van wel-

voeglikheid/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voeglikheid en vir gevalle van siekte word binnedeure in die huise vereis.

Vervolgens word die toestande van die wonings binne die gebied van ondersoek met betrekking tot hulle konstruksie ontleed:

1. Mure:

702 of 85.9% van die wonings het baksteenmure, terwyl die mure van 71 of 8.7%, en 22 of 2.7% van die wonings onderskeidelik van rou - en sementstene gebou is. Slegs 6 hout - en 6 sinkhokke is aangetref, terwyl die orige 10 wonings klipmure gehad het.

TABEL NO. II

MURE GEPLEISTER EN AFGEWIT

	MURE GEPLEISTER				MURE AFGEWIT			
	BUITE		BINNE		BUITE		BINNE	
	Aantal Wonings	%	Aantal Wonings	%	Aantal Wonings	%	Aantal Wonings	%
JA	777	95.1	784	96	773	94.6	807	98.8
NEE	40	4.9	33	4	44	5.4	10	1.2
TOTAAL	817	100	817	100	817	100	817	100

Soos/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Soos waargeneem kan word uit Tabel No. II is slegs 4.9% en 4% van die wonings se buite - en binnemure onderskeidelik, nie gepleister nie. Van die wonings met gepleisterde buitemure is 666 of 85.7% met 'n sementmengsel en 111 of 14.3% met 'n kleimengsel gepleister. Slegs 459 of 58.5 % van die wonings met gepleisterde binnemure is met 'n sementmengsel gepleister, terwyl 326 of 41.5% van die wonings binne met 'n kleimengsel afgepleister is.

Met die uitsondering van 5.4% van die wonings, is al die buitemure afgewit terwyl slegs 1.2% van die wonings se binnemure nie afgewit is nie. Alhoewel die boere gewoonlik onderneem om die huise buite met kalk af te wit, word dit oor die algemeen aan die arbeiders self oorgelaat om die huise binne uit te wit en te versier. 283 of 35% van die wonings wat wel binne uitgewit is, is met kalk uitgewit, terwyl 474 of 58.6% van die wonings met klei uitgesmeer is. 44 of 5.5% van die wonings is gedeeltelik met kalk en gedeeltelik met klei uitgesmeer. 2 wonings se binnemure is geverf, terwyl die mure van 4 wonings slegs gedeeltelik geverf en verder met kalk uitgewit is. Dit is 'n algemene verskynsel dat die arbeiders kleurstof met die kalk of klei waarmee hulle hul binnemure verf, meng; sodoende verfraai hulle hul wonings en skep 'n vroliker atmosfeer.

2)/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. Dakke en plafonne:

618 of 75.6% van die wonings het staandakke terwyl 199 of 24.4% platdakwonings is. Die dakke van 803 of 98.3% van die wonings is met geriffelde sink - of asbesplate gedek, terwyl die dakke van die orige 14 wonings van die volgende materiale is: 5 en 4 wonings het onderskeidelik hout - en rietdakke; die dakke van 3 wonings is van plank met 'n oliekleedoortreksel; 2 wonings het sementdakke. 651 of 79.7% van die wonings het plafonne teenoor 166 of 20.3% van die wonings wat geen plafonne het nie. (Sien Tabel No. III regoor bladsy 28).

Soos waargeneem kan word uit Tabel No. III, lek 317 of 38.8% van die totale aantal wonings se dakke, teenoor 500 of 61.2% wat dig is. Van die wonings met 'n staandak wat met sink - of asbesplate gedek is, en wat verder van geute en 'n plafon van erkende plafonmateriaal voorsien is, is 77% dig, terwyl slegs 55.6% van die wonings van dieselfde konstruksie, uitgesonderd geute, dig is. Van die platdakwonings van eersgenoemde konstruksie ten opsigte van hulle dakke, is slegs 56.1% dig. Van die wonings wat geen plafon het nie, lek 60.8% teenoor slegs 39.2% wat dig is. Dit blyk dus duidelik dat deur 'n huis van 'n staan-

dak/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL NO. III

DIE DIGTHEID VAN DIE DAKKE VOLGENS DIE AANWESIGHEID VAN GEUTE EN PLAFONNE, DIE TIPE DAKKE, EN DIE AARD VAN DIE PLAFON EN DAKMATERIALE

AARD VAN PLAFON	N E E						J A						T O T A A L					
DIGTHEID VAN DAK	LEK		DIG		TOTAAL		LEK		DIG		TOTAAL		LEK		DIG		TOTAAL	
	Aantal Wonings	%	Aantal Wonings	%	Aantal Wonings	%	Aantal Wonings	%	Aantal Wonings	%	Aantal Wonings	%	Aantal Wonings	%	Aantal Wonings	%	Aantal Wonings	%
STAANDAK MET GEUTE							ERKENDE PLAFONMATERIAAL 1)											
Sink of Asbes Plate Ander dak Materiaal 3)	10 1	32.3 100	19 0	67.7 0	29 1	100 100	89 -	23 -	298 -	77 -	387 -	100 -	114 1	25.5 100	333 0	74.5 0	447 1	100 100
STAANDAK SONDER GEUTE																		
Sink of Asbesplate Ander Dakmateriaal	28 2	63.6 33.3	16 4	36.4 66.7	44 6	100 100	44 3	44.4 60	55 2	55.6 40	99 5	100 100	82 5	51.6 45.5	77 6	48.4 54.5	159 11	100 100
PLATDAK MET GEUTE																		
Sink of Asbesplate Ander Dakmateriaal	13 -	61.9 -	8 -	38.1 -	21 -	100 -	18 -	43.9 -	23 -	56.1 -	41 -	100 -	32 -	44.4 -	40 -	55.6 -	72 -	100 -
PLATDAK SONDER GEUTE																		
Sink of Asbesplate Ander Dakmateriaal	47 0	73.1 0	17 1	26.9 100	64 1	100 100	32 -	57.1 -	24 -	42.9 -	56 -	100 -	83 0	66.4 0	42 2	33.6 100	125 2	100 100
TOTAAL	101	60.8	65	39.2	166	100	186	31.6	402	68.4	588	100	317	38.8	500	61.2	817	100

AARD VAN PLAFON	J A						N E E						T O T A A L					
DIGTHEID VAN DAK	LEK		DIG		TOTAAL		LEK		DIG		TOTAAL		LEK		DIG		TOTAAL	
	Aantal Wonings	%	Aantal Wonings	%	Aantal Wonings	%	Aantal Wonings	%	Aantal Wonings	%	Aantal Wonings	%	Aantal Wonings	%	Aantal Wonings	%	Aantal Wonings	%
STAANDAK MET GEUTE							ANDER PLAFONMATERIAAL 2)											
Sink of Asbes Plate Ander dak Materiaal 3)	15 -	48.4 -	16 -	51.6 -	31 -	100 -	30	47.6	33	52.4	63	100	317	38.8	500	61.2	817	100
STAANDAK SONDER GEUTE																		
Sink of Asbesplate Ander Dakmateriaal	10 -	62.5 -	6 -	37.5 -	16 -	100 -												
PLATDAK MET GEUTE																		
Sink of Asbesplate Ander Dakmateriaal	1 -	10 -	9 -	90 -	10 -	100 -												
PLATDAK SONDER GEUTE																		
Sink of Asbesplate Ander Dakmateriaal	4 0	80 0	1 1	20 100	5 1	100 100												
TOTAAL	30	47.6	33	52.4	63	100												

1) Plafonmateriaal deur die bouregulasies goedgekeur soos houtplafonplanke, celotex, asbesplate en veltplate.

2) Plafonne van riete, sink, seil en selfs papier is veral in die ouer huise aangetref. In sommige gevalle het die arbeiders dit self aangebring.

3) Hout en rietdakke, dakke van plank met 'n oliekleedoortreksel, sementdakke.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dak wat met sink - of asbesplate gedek is, en geute en 'n plafon van erkende plafonmateriaal te voorsien, word die hoogste mate van digtheid verseker. 387 of 47.4% van die wonings binne die gebied van ondersoek, is voorsien van dakke volgens laasgenoemde konstruksie.

3. Vloere:

432 of 52.9% van die wonings het grondvloere, terwyl 217 of 26.6% gedeeltelik grond- en gedeeltelik plankvloere het: gewoonlik het die slaapkamer 'n plankvloer en die kombuis 'n grondvloer. Die meeste boere is nie baie gretig om hulle arbeiderwonings van plankvloere te voorsien nie, omdat volgens hulle die arbeiders dit nie kan waardeer nie en dit te gou verniel. Etlike boere het getuig dat die arbeiders die plankvloere uitgekap het vir brandhout, terwyl andere die vloer as 'n houtblok gebruik en dit sodoende verniel. Slegs 45 of 5.5% van die wonings het plankvloere in al die vertrekke. 52 en 4 wonings het onderskeidelik gedeeltelik plank en sement -, en plank en baksteenvloere. Slegs 41 of 5% van die wonings het sementvloere in al die vertrekke, terwyl 11 wonings gedeeltelik sement- en grondvloere het. Die orige 15 wonings

het/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het baksteenvloere wat heeltemal doeltreffend is daar dit warm is en nie maklik verniel kan word nie.

4. Deure:

Slegs 247 of 34.3% van die totale aantal wonings wat uit meer as een vertrek bestaan, is wel voorsien van binnedeure, terwyl 474 of 65.7% van hierdie wonings geen binnedeure het nie. As gevolg van die belangrikheid van binnedeure om redes soos in die inleidende paragraaf gemeld, is hierdie toestand onbevredigend.

609 of 74.5% van die totale aantal wonings het een buitedeur, terwyl 203 of 24.8% van die wonings 2 buitedeure en 5 wonings 3 buitedeur het. Die buitedeure van 662 of 81% van die wonings is in die vorm van bo-en-onderdeure, terwyl 54 of 6.6% van die wonings paneel buitedeure het. 101 wonings het 'n bo- en onderdeur sowel as 'n paneel buitedeur.

Die meeste boere het ondervind dat die slotte van die buitedeure baie gou verniel en gebreek word. Oor die algemeen vind die boere dat dit meer doeltreffend is om die huise van buitedeure sonder slotte te voorsien en dan slegs 'n kraampie aan die buitekant van die deur aan te bring sodat die woning deur middel van 'n los slot gesluit kan word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

578 of 70.7% van die wonings word op hierdie wyse gesluit, terwyl slegs 132 of 16.2% van die wonings se buitedeure deur middel van 'n gewone slot gesluit kan word. 107 of 13.1% van die wonings kan glad nie toegesluit word nie.

5. Vensters:

660 of 80.8% van die wonings het vensters in elk van hul vertrekke. Van die orige 157 wonings wat nie 'n venster in elke vertrek het nie, is dit in 148 of 94.3% van die gevalle die kombuis, wat gewoonlik wel 'n buitedeur het, wat nie 'n venster het nie. In 6 van laasgenoemde gevalle is dit eenvertrek-wonings, wat beteken dat daar geen vensters in die huis is nie. Twee tweevertrek-wonings wat elk bestaan uit 'n kombuis en 'n slaapkamer, het geen venster in die huis nie. Die slaapkamers van 7 wonings het geen vensters nie.

'n Gunstige toestand is binne die gebied van ondersoek, ten opsigte van die grootte van die vensters, aangetref. Die verhouding van die oppervlakte van die vensterruimte tot dié van die vloerarea is in 709 of 87.6% van die wonings $\frac{1}{12}$ of meer. Slegs in 100 of 12.4% van die wonings is hierdie verhouding minder as $\frac{1}{12}$.

'n Algemene/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Algemene klagte by die boere was die hoë uitgaaf wat hulle het aan die gedurige voorsiening in nuwe ruite vir die vensters van hul arbeiderwonings. Die ruite word gedurig gebreek en sommige boere weier om weer ruite te voorsien, daar dit uiters 'n paar weke duur voordat sommige weer stukkend is. Verskeie boere het getuig van 'n merkbare verbetering in hierdie verband sedert hulle die arbeiders laat betaal vir elke nuwe ruit wat ingesit moet word. Die vensters van 157 of 19.4% van die wonings is slegs van hout-hortjies sonder enige ruite, voorsien; enkele boere het beweer dat die arbeiders oor die algemeen dit sou verkies, maar die bouregulasies vereis dat ruite voorsien word. Slegs 33% van die wonings wat wel ruite het, se ruite was almal heel tydens die besoek van die ondersoeker. Hierdie toestand is onbevredigend daar dit 'n slordige voorkoms aan die wonings verleen, en in die winter versoorsaak dit trek en dit reën selfs by die stukkende vensters in.

6. Verandas:

Die aanbou van stoepe met verandas verleen nie alleen 'n mooier voorkoms aan die huis nie, maar het ook die verdere voordeel dat dit dien as 'n plek vir gesellige verkeer. In die somer kan lede van die gesin ook op die

stoep/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stoep slaap. Daar is egter net 110 of 13.5% van die wonings wat stoepe met verandas het.

7. Geriewe vir voorbereiding van voedsel:

In hierdie verband voorsien die boere oor die algemeen slegs in 'n ingeboude vuurherd in die kombuis, terwyl die arbeiders self, indien hulle dit verkies, 'n stoof kan aanskaf.

a) Kookgeriewe:-

Ten spyte van die feit dat die arbeiders self hulle stowe moet aankoop, het 457 of 55.9% van die wonings wel houtstowe, terwyl 346 of 42.4% slegs 'n vuurherd het. 14 wonings wat slegs uit een vertrek bestaan, het geen kookgeriewe nie. Hierdie arbeiders kook óf op 'n vuur buite, óf by die bure.

b) Bakgeriewe:-

332 of 40.6% van die wonings het geen bakgeriewe nie. In hierdie gevalle bak die Kleurlinge by die bure wat wel bakgeriewe het, terwyl andere altyd brood koop en dus nooit bak nie. Van die 485 wonings wat wel bakgeriewe het, het 457 of 94.2% stowe terwyl 9 wonings 'n oond binne die huis, en 19 wonings die gerief van 'n oond buite het.

c)/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

c) Skoorstene:-

Van die wonings met skoorstene trek slegs 55.9% goed, terwyl 44.1% van die skoorstene sleg trek en rook binne in die huise veroorsaak. Die ondersoeker het hierdie toestand baie onbevredigend gevind, aangesien die rook nie alleen onaangenaam is en veroorsaak dat die mure en plafon gedurig swart is nie, maar ook die meubels en ander besittings van die Kleurlinge verniel. Dit dien geensins as aanmoediging vir die arbeiders om hulle huise van binne netjies te hou en te verfraai nie.

B. DIE GROOTTE VAN DIE HUISE EN DIE GETAL INWONERS

Alhoewel die Afdelingsraad en die Munisipaliteit bepaal dat die slaapvertrek van 'n woning 'n minimum vloeroppervlakte van 80 vkt. vt. moet hê, en dat 'n woning minstens uit twee vertrekke moet bestaan, is daar geen minimum totale vloeroppervlakte vir die huise vasgestel nie. In die tweede bylae van die „Slumswet"[2] word verder bepaal dat 40 vkt. vt. vloerruimte in 'n slaapvertrek en

30 vkt. vt./.....

2) Die Slumswet, No. 53 van 1934, p. 47.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

30 vkt. vt. vloerruimte in 'n woonvertrek, vir persone bo 10 jaar toegelaat moet word. 'n Kennisgewing in verband met Plattelandse Sanitêre Regulasies in die Staatskoerant[3] van 9 Oktober 1953, bepaal egter dat 30 vkt. vt. vloerruimte toegelaat moet word vir persone bo 10 jaar in enige geokkupeerde vertrek, synde slaap of woonvertrek. Laasgenoemde bepaling geld slegs vir die wonings in die Afdelingsraadgebied. In al bogenoemde gevalle geld die helfte van die mate vir persone onder 10 jaar. Prakties is dit egter onmoontlik om hierdie regulasies stiptelik toe te pas en oorbewoning van die arbeiderwonings is 'n algemene verskynsel.

Vervolgens word die huise ontleed ten opsigte van hulle grootte en die getal inwoners:

1) Vloeroppervlakte van die hele huis:-

Met die uitsondering van slegs 2% van die wonings, het die huise elk 'n totale vloeroppervlakte van minder as 500 vkt. vt. Hierdie bewering is gegrond op skattings van die ondersoeker in oorleg met die boere. Die wonings met 'n groter vloeroppervlakte as 500 vkt. vt., is in die meeste gevalle huise wat boere binne die munisipale gebied in 'n naburige woonbuurt aangekoop het en wat

---

3) Staatskoerant No. 5158 van 9 Oktober 1953: Kennisgewing No. 2197 p. 16.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dus nie oorspronklik as arbeiderwonings deur boere gebou is nie.

2) Aantal vertrekke en getal inwoners:

Daar is nagegaan wat die aantal vertrekke en inwoners per woning is. 74 wonings waarvan 10 uit een vertrek, 56 uit twee vertrekke, 6 uit drie vertrekke en 2 uit vier vertrekke bestaan, was onbewoond tydens die ondersoek. Die gegewens wat dus in Tabel IV saamgevat word, gee inligting alleenlik oor die orige 743 huise.

TABEL NO. IV

DIE AANTAL VERTREKKE EN INWONERS PER WONING

	AANTAL VERTREKKE IN ELKE WONING	AANTAL WONINGS	%	GEMIDDELDE AANTAL INWONERS PER WONING
	1	86	11.7	3.2
	2	486	65.4	4.8
	3	130	17.5	6.7
	4	36	4.9	7.4
	5	5	.5	9.6
TOTAAL	2.3	743	100	5.2

Uit Tabel No. IV kan afgelei word dat die bewoonde wonings gemiddeld uit 2.3 vertrekke elk bestaan met 5.2% inwoners/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

inwoners per woning.

65.4% van die bewoonde wonings bestaan uit 2 vertrekke t.w. 'n kombuis en 'n slaapvertrek. Dit beteken dat die hele gesin, nl. ouers en kinders van verskillende geslagte een slaapkamer tot hulle beskikking het. In 10.8% van die totale aantal bewoonde wonings, word daar behalwe die gesinslede, ook nog loseerders in die huise gehuisves. In gevalle van tweevertrekwonings slaap hierdie persone ook saam in die een slaapvertrek. Om morele en higieniese redes, is hierdie toestand baie ongesond. Die volgende voorbeeld getuig van sulke omstandighede:

VOORBEELD NO. I:

> Die ledetal van die gesin is 17, nl. 10 kinders onder 10 jaar en 7 lede bo 10 jaar. Tesame met 'n ongetroude manlike loseerder wat ook nog gehuisves word, is die totale aantal inwoners van die huis 18 persone. Die tweevertrekwoning het 'n totale vloeroppervlakte van minder as 500 vkt. vt., en 'n platdak wat lek. Slegs die slaapvertrek het 'n venster van ± 9 vkt. vt. met ruite waarvan sommige stukkend is, terwyl daar slegs 'n buitedeur en geen venster in die kombuis is nie. In hierdie geval het sommige van die inwoners van die huis ook in die kombuis geslaap. Die ondersoeker het die huis in 'n baie onnet toestand aangetref.

Alhoewel 27.9% van die bewoonde eenvertrekwonings deur ongetroude Kleurlingmans bewoon word, word die orige

72.1%/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

72.1% deur gesinne bewoon. Slegs in 16 of 18.6% van laasgenoemde wonings is afskortings gemaak om die kombuis van die slaapplek te skei, terwyl in die orige gevalle daar in dieselfde vertrek gekook, geëet en geslaap word. Afgesien van die immorele en onhigieniese toestande waaronder hierdie arbeiders lewe, is dit 'n onbegonne taak om so 'n woning te probeer netjies hou. Die omstandighede waaronder een gesin in so 'n eenvertrekwoning gewoon het, is byvoorbeeld soos volg:

VOORBEELD NO. II

> Die gesin bestaan uit 10 lede waarvan 5 volwassenes en 5 kinders onder 10 jaar is. Hulle bewoon 'n platdak-eenvertrekwoning met 'n totale vloeroppervlakte van minder as 500 vkt. vt.; daar is geen afskortings in die huis gemaak nie, want die vertrek is te klein en volgens die bewoners sal 'n afskorting hulle ruimte nog meer beperk. Die woning het een klein venstertjie sonder enige ruite, en die vensterarea beslaan minder as een-twaalfde van die vloeroppervlakte. Die toestand van die huis was baie onnet.

Soos egter uit Tabel No. IV afgelei kan word, is die gemiddelde aantal inwoners van die een- en tweevertrek-wonings onderskeidelik 3.2 of 4.8% inwoners per woning. Genoemde wonings is dus nie almal so oorbewoon soos in voorbeelde No. I en II uitgebeeld nie. Behalwe dat ouers

en kinders/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en kinders in geval van 'n eenslaapkamerwoning in dieselfde vertrek saam moet slaap, is 'n groot persentasie van die arbeiders andersins betreklik doeltreffend gehuisves in tweevertrekwonings soos dan ook uit die omstandighede van die gesin in voorbeeld No. III afgelei kan word:

VOORBEELD NO. III

> Die gesin bestaan uit 'n vader, moeder, en twee kinders onder 10 jaar. Hulle bewoon 'n tweevertrek, staandakwoning met 'n vloeroppervlakte van minder as 500 vkt. vt. Die dak van die huis is dig, en elke vertrek het 'n groot venster waarvan al die ruite heel is, en met 'n vensterruimte wat meer as een-twaalfde van die vloeroppervlakte beslaan. Die ondersoeker het hierdie huis baie netjies aangetref.

Slegs 17.5% van die bewoonde wonings binne die gebied van ondersoek bestaan uit 3 vertrekke. Die neiging bestaan egter by die boere, om wanneer hulle nuwe wonings bou, sommige met 3 vertrekke te bou veral met die oog op huisvesting van groot gesinne. Etlike boere het egter beweer dat dit weinig verskil by die Kleurlinge maak of die huise 2 of 3 vertrekke het, want hulle verkies tog maar om almal saam in een vertrek te slaap; dus sal 'n 3 vertrekwoning tog nie aan sy doel beantwoord nie.

Die 36 wonings wat elke uit 4 vertrekke bestaan, is in die meeste gevalle twee skakelhuise met twee vertrekke elk,/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

elk, wat deur die boer aan een groot gesin toegestaan is. Die 5 wonings met vyf vertrekke elk, is op een plaas in die distrik aangetref. Die huise het 'n mooi voorkoms met 'n voorstoep en 'n veranda, en bestaan verder uit 2 slaapvertrekke, 'n kombuis, 'n spens en 'n waskamer. Hierdie plaas behoort aan 'n maatskappy wat op groot skaal boer. Al die boere in die distrik sou dit egter nie kon bekostig om sulke durabele huisvesting vir hul arbeiders te verskaf nie.

Uit bostaande gegewens blyk dit dat oor die algemeen, met sekere uitsonderings, die woontoestande van die arbeiders betreklik gunstig is. Hierdie feit kan toegeskryf word aan die beheer wat uitgeoefen word deur die Afdelingsraad en die Munisipaliteit, asook aan die groot mate wat uitvoerdruiweboere afhanklik is van goeie nie-blankearbeid en gevolglik genoodsaak is om deur middel van beter behuising, 'n beter tipe arbeider te lok.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK V

WATERAANLEG EN SANITÊRE GERIEWE

'n Essensiële bykomende vereiste van goeie behuising, is bevredigende wateraanleg en sanitêre voorsiening.

Aangesien dit vir die boer om finansiële redes onmoontlik is om water in elke huis aan te lê, moet hy minstens voorsien in waterkrane op sentrale plekke digby die wonings. Op enkele plase loop riviere of waterslote binne gerieflike afstande van die wonings en dit dien as natuurlike wasplekke vir die Kleurlinge. Nogtans is die boere om higiëniese redes ook in hierdie gevalle genoodsaak om drinkwater aan te lê. Sommige boere bou 'n sementwasplek onder 'n dak by elke sentrale kraan; dit skep baie netjiese en gerieflike wastoestande en verhoed dat die onmiddellike omgewing van die kraan gedurig nat en ongesond is.

Die Kleurling het aanmoediging nodig vir die groter gebruik van water vir 'n sindelike huishouding en persoonlike higiëne. Die ondersoeker het in hierdie verband te dikwels die toestand aangetref dat water oor 'n lang afstand vanaf die naaste kraan aangedra moet word.

Dit/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit lei noodwendig tot 'n spaarsamer gebruik van water en gevolglik 'n laer sindelikheidspeil; hierdie toestand het 'n nadelige uitwerking op die algemene gesondheid van die arbeiders.

Enkele boere het gemeenskaplike stortbaddens vir hul arbeiders gebou, maar met uitsondering van een boer, het almal getuig dat die Kleurlinge eenvoudig nie daar van wil gebruik maak nie. Oor die algemeen het die boere dus geen aanmoediging om genoemde fasiliteite tot beskikking van hulle arbeiders te stel nie.

Wanneer die boer dink aan die voorsiening in doeltreffende sanitêre geriewe vir sy arbeiders, kom hy voor 'n probleem te staan waarvoor hy nouliks 'n oplossing kan vind. Verskeie boere het dan ook die mening uitgespreek dat dit slegs onnodige uitgawe is om latrines vir die Kleurlinge te bou, aangesien hulle daar tog nie van gebruik maak nie. Die bouregulasies[1)] van die Afdelingsraad bepaal dat daar vir elke woning 'n latrine van baksteen

en/.....

---

1) Sien Bylaag C.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en sement gebou moet word; in hierdie verband was dit die mening van verskeie boere dat, uit 'n praktiese oogpunt beskou, 'n putlatrine met 'n sinkhokkie wat verskuif kan word indien nodig, baie meer doeltreffend is op 'n plaas. In die dorp waar die rioolstelsel in werking is en sommige van die plaasarbeiders van spoellatrines voorsien is, vind die boere dat die latrine gedurig uit orde is weens verstopping, gebreekte kettings ens. Die ondersoeker het baie sulke toestande waargeneem en dit uiters onhigienies gevind.

A. WATERAANLEG

Slegs die bewoners van 30 wonings het glad nie 'n waterkraan tot hulle beskikking nie en hulle verkry water vanaf 'n put, bergstroom, voor, dam of fontein wat gemiddeld nie verder as 40 tree van hulle wonings is nie.

Vir 785 of 96.1% van die wonings is waterkrane aangebring en gewoonlik op 'n sentrale plek waar die bewoners van 6 wonings gemiddeld dit kan gebruik. By 33.1% van hierdie krane is doeltreffende sement wasplekke gebou; in sommige gevalle is hierdie wasplekke onder dak. 641 of 78.5% van die wonings is gemiddeld 15.8 tree van die

sentrale/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sentrale krane geleë, terwyl in 144 of 18.3% van die gevalle, die arbeiders meer as 100 tree en selfs tot 600 tree moet loop tot by die naaste kraan. Laasgenoemde toestand moedig nie die arbeiders aan tot groter sindelikheid nie. Die bewoners van 18.1% van die wonings wat die gerief van 'n kraan het, het ook nog die gebruik van 'n voor, rivier, of dam vir wasdoeleindes, tot hulle beskikking.

Die ondersoeker het op 5 plase in die munisipale area gemeenskaplike stortbaddens vir die arbeiders aangetref, maar soos reeds gemeld, word daar nie van gebruik gemaak nie. In die distrik voorsien slegs een plaas wat aan 'n maatskappy behoort en op groot skaal behuising vir arbeiders verskaf, in stortbaddens vir die Kleurlinge. In hierdie geval is 'n spesiale persoon aangestel om toe te sien na die netheid van hierdie geriewe en die ondersoeker het gevind dat dit veral in die somer, betreklik algemeen gebruik word.

B. SANITÊRE GERIEWE

Die ondersoeker het veral onder die indruk gekom van die uiters ongewenste toestande met betrekking tot die sanitêre geriewe van die plaasarbeiders. Met hierdie

stelling/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stelling word geensins bedoel om alle blaam op die boere te werp nie, want etlike boere het tevergeefse pogings aangewend om netjiese sanitêre geriewe daar te stel, om slegs te ondervind dat die arbeiders dit óf glad nie gebruik nie, óf in so 'n toestand laat dat dit waarskynlik meer higïenies sou wees indien daar glad geen sanitêre geriewe was nie.

TABEL NO. V

DIE VOORSIENING VAN SANITÊRE GERIEWE VIR DIE WONINGS VAN DIE ARBEIDERS

	BINNE MUNISIPALE AREA		BUITE MUNISIPALE AREA		TOTAAL	
	Aantal Wonings	%	Aantal Wonings	%	Aantal Wonings	%
Wel Voorsiening	351	83	120	30.5	471	57.6
Geen Voorsiening	72	17	274	69.5	346	42.4
TOTAAL	423	100	394	100	817	100

Tabel No. VI./.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL NO. VI

DIE AARD VAN DIE SANITÊRE GERIEWE INDIEN WEL VOORSIEN

	BINNE MUNISIPALE AREA		BUITE MUNISIPALE AREA		TOTAAL	
	Aantal Wonings	%	Aantal Wonings	%	Aantal Wonings	%
TIPE LATRINE						
SPOEL	197	56.1	37 [2)]	30.8	234	49.3
EMMER	84	23.9	50	41.7	134	29.0
PUT	70	20.0	33	27.5	103	21.7
TOTAAL	351	100	120	100	471	100

2) Hierdie 37 wonings wat van spoellatrines voorsien is, is aangetref op een plaas wat aan 'n maatskappy behoort en op groot skaal behuising vir arbeiders voorsien.

Soos waargeneem kan word uit Tabel No. V het 42.4% van die totale aantal wonings geen sanitêre geriewe tot hulle beskikking nie. 69.5% van die wonings in die distrik is van/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is van geen sanitêre geriewe voorsien nie, terwyl slegs 17% van die wonings binne die munisipale gebied geen sanitêre geriewe het nie. Hierdie arbeiders maak gebruik van die veld of wingerd of enige geskikte plek in die omgewing van die wonings.

Uit Tabel No. VI word waargeneem dat, binne die munisipale area, 56.1% van die wonings met sanitêre geriewe, spoellatrines tot hul beskikking het, terwyl die emmerstelsel by 41.7% van die gevalle in die distrik aangetref is. Geen een van bogenoemde stelsels blyk egter doeltreffend te wees nie. 76 of 32.5% van die spoellatrines was tydens die besoek van die ondersoeker uit orde of verstop. Hierdie toestand kan maklik begryp word, daar die Kleurlinge nie die nodige toiletpapier kan bekostig nie, en die kinders geen besef het van hoe om van so 'n latrine gebruik te maak nie. Etlike boere het beweer dat die spoellatrines gedurig uit orde bly. Die emmerstelsel skep weer die probleem dat, waar die bewoners van twee wonings gemiddeld die gebruik van een latrine het, hulle gedurig onder mekaar twis ten opsigte van die gereelde skoonmaak en verwydering van die emmers. In menige gevalle was die gevolg dat die geriewe glad nie meer skoongemaak of gebruik word nie, en dat die Kleurlinge teruggekeer het

tot/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tot hulle ou gewoonte om „in die veld te gaan".

Op twee plase is die spoel - en emmerstelsel onderskeidelik baie suksesvol in werking. Op beide hierdie plase word op groot skaal geboer.

VOORBEELD NO. I:

> Die plaas behoort aan 'n maatskappy en daar word vir 37 arbeider-gesinne behuising voorsien. Deur middel van 'n rioelstelsel het elke 3 gesinne die gebruik van een spoellatrine. Daar is ook gemeenskaplike stortbaddens en gerieflike sement wasplekke onderdak tot beskikking van die arbeiders. As gevolg van hierdie uitgebreide stelsel van wateraanleg en sanitasie, is 'n spesiale persoon aangestel om te sorg vir die skoonmaak en instandhouding van hierdie geriewe. Die plaasvoorman hou dan weer toesig oor die werk van genoemde persoon, met die gevolg dat die stelsel baie doeltreffend werk.

VOORBEELD NO. II:

> 'n Private boer wat vir 27 arbeidergesinne behuising voorsien het, deur middel van die emmerstelsel 'n baie suksesvolle sanitêre stelsel in werking. Elke twee gesinne het die gebruik van een netjies geboude latrine. Die boer het 'n kraampie en 'n slot aan die deur van elke latrine aangebring en die betrokke sleutels aan die verskeie Kleurlingvroue toevertrou. Die feit dat die latrines gedurig gesluit bly, skakel die argument uit dat dit die bure of die bure se kinders is wat die latrine in 'n onnet toestand laat. Die Kleurlingmans word verantwoordelik gehou vir die gereelde verwydering van die emmers: gewoonlik twee keer per week. Deur af en toe die Kleurlinge aan te moedig en toestande te inspekteer, word 'n baie higieniese sanitêre stelsel verseker. Die ondersoeker

het dan/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het dan ook nie een onnet latrine op hierdie plaas aangetref nie. Die boer getuig dat die stelsel reeds twee jaar in werking is en dat hy nog 'n gedurige toename in sindelikheid by sy arbeiders kan waarneem. Hierdie boer is met ander woorde besig om sy arbeiders op te voed om die regte gebruik van hierdie geriewe te maak.

103 of 21.7% van die wonings se sanitêre geriewe is van die putstelsel voorsien. Soos reeds gemeld, het etlike boere beweer dat hierdie stelsel die mees doeltreffende vir die arbeiders is, maar aangesien die bouregulasies bepaal dat vir elke woning 'n latrine van baksteen en sement gebou moet word, word die putstelsel natuurlik geleidelik uitgeskakel.

Met uitsondering van die toestande op die plaas soos in voorbeeld No. I beskrywe, is al die arbeiders self verantwoordelik vir die skoonhou van hulle sanitêre geriewe. In 371 of 78.8% van die gevalle maak die bewoners van drie wonings gemiddeld van een latrine gebruik en hierdie arbeiders neem gewoonlik weeklikse beurte om verantwoordelik te wees vir die skoonhou van die latrine. Dit is veral in hierdie gevalle waar die een die ander beskuldig van slordigheid; die ondersoeker het 37% van hierdie latrines in 'n uiters onnet toestand aangetref. 100 wonings het elkeen sy eie sanitêre gerief. 22% van hierdie latrines was in 'n slordige en onhigieniese toestand

tydens/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tydens die besoek van die ondersoeker. Toestande is dus tog gunstiger as elke woning sy eie sanitêre gerief het.

Uit die ondersoek blyk dit baie duidelik dat die groot mate van mislukking van behoorlike sanitasie vir plaasarbeiders, daaraan toegeskryf kan word dat die arbeiders opgevoed moet word en leiding moet kry in die gebruik van die geriewe en dat hulle geleer moet word om die belangrikheid daarvan in te sien. Etlike boere het beweer dat hulle dit sal verwelkom as hulle in hierdie opvoedingstaak bygestaan word deur regerings-amptenare soos gesondheidsinspekteurs wat gereelde in-speksie kom doen. Tans word die boere volgens die bou-regulasies verplig om vir elke huis 'n latrine te bou, maar daar word geen verdere toesig gehou nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK VI

ADDISIONELE VOORREGTE VAN DIE ARBEIDERS WAT SAAM MET VRY BEHUISING GAAN

Die plaasarbeiders werksaam op die plase kry natuurlik nie net 'n vry huis nie, maar geniet in sekere gevalle ook verskeie ander voorregte wat van boer tot boer verskil. Met hierdie feit, so verklaar die boere, word selde rekening gehou wanneer die sogenaamde skandalige lone[1] wat plaasarbeiders ontvang, teenoor die lone van fabriekswerkers gestel word. Met enkele uitsonderings maak industriële werkgewers in Suid-Afrika hulself vry van genoemde behuisingsverpligtinge teenoor hul werknemers, en betaal slegs aan hulle 'n hoër weeklikse loon.

Die belangrikste addisionele voorregte wat die arbeiders ontvang, is vry brandhout, vry tuingrond, reg tot aanhou van slagdiere.

Verdere besonderhede oor hierdie addisionele voorregte tot beskikking van die arbeiders op die plase in die gebied van ondersoek, wil ons vervolgens behandel:

1./.....

1) Die kontantlone van die plaasarbeiders in die Westelike Provinsie wissel van 4/- tot 5/- per dag.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1. VOORREGTE TEN OPSIGTE VAN BRANDHOUT

Brandhout wat van tyd tot tyd op 'n vrugteplaas beskikbaar is deur vrugtebome wat gesnoei word, ou wingerd wat uitgehaal word ens., word deur die meeste boere by die wonings van die arbeiders afgelaai. Al die boere onderneem egter nie om dit gereeld te doen nie.

By 168 of 20.6% van die wonings, lewer die boere gereeld brandhout vir die arbeiders. Die bewoners van 522 of 63.9% van die wonings moet self hul brandhout gaan soek op 'n gedeelte van die plaas wat vir daardie doel tot hul beskikking gestel word. Die hout word op 'n gemiddelde afstand van 400 tree vanaf die wonings gesoek. Aangesien die plaas-arbeiders nie die gerief van elektriese verwarmers het nie, en beperkte warm klere en komberse tot hul beskikking het, is hulle, veral gedurende die wintermaande, baie afhanklik van brandhout sodat hulle deur middel van 'n vuur in die stoof of soms in die middel van die vertrek, hulle huise kan verwarm. Die bewoners van 127 of 15.5% van die wonings op plase in die dorp waar geen brandhout beskikbaar is nie,moet egter hulle hout koop. Die feit dat die meeste boere voorsiening maak vir gratis brandhout vir hulle arbeiders, dra dus by tot 'n groot besparing in die huis-

houdelike/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

houdelike begrotings van die arbeiders.

2. VOORREGTE TEN OPSIGTE VAN TUINGROND

Soos reeds gemeld, maak die boere op al die plase binne die gebied van ondersoek, ook op munisipale grond, voorsiening vir tuingrond vir hul arbeiders. 74 of 9% van die wonings was onbewoon tydens die ondersoeker se besoek en word dus hier buite rekening gelaat. Tuine is slegs by 392 of 52.8% van die bewoonde wonings aangetref. 351 of 47.2% van die arbeiders maak glad nie tuin nie. Die arbeiders wat wel tuinmaak, plant meesal groentesoorte, terwyl 66.3% van hulle ook blomme plant. Enkeles plant ook een of twee vrugtebome in hulle tuine.

Sommige van die arbeiders het betreklike geldige verskonings aangebied waarom hulle nie tuinmaak nie. Hulle het o.a. gesê dat ander Kleurlinge die groente gedurende die nag steel,[2] terwyl andere weer gekla het dat dit te droog is en daar nie voldoende leiwater tot hulle beskikking is nie. Dit kan verder begryp word dat aangesien die plaasarbeider soggens vroeg sy huis verlaat en saans skemer

tuiskom/.....

---

2) Dit was veral 'n klagte onder die plaasarbeiders wat in die dorp woonagtig is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tuiskom en die hele dag met plaaswerk besig bly, die lus waarskynlik by hom sal ontbreek om hom gedurende sy vrye tyd weer landboukundig te okkupeer. Dit wil voorkom asof sommige g'n belangstelling in hulle tuine toon nie weens traagheid en laksheid, veral as in aanmerking geneem word dat daar wel arbeiders is wat die tyd vind om tuin te maak en selfs tot so 'n mate dat die tuin vir hulle 'n wins afwerp. Die volgende voorbeeld getuig van 'n arbeider wat gereeld 'n groentetuin aanlê en versorg:

> Op die grond wat die boer vir hierdie doel tot elke arbeider se beskikking stel, plant hierdie Kleurling jaarliks 'n verskeidenheid van groente soos pampoen, boontjies, skorsies, mielies, tamaties, geelwortels en selfs arbeie en waterlemoene. Behalwe dat hy sy gesin gereeld voorsien van 'n verskeidenheid van vars groente, verkoop hy die surplus produksie aan die bure en het 'n jaarlikse inkomste van ± £5 kontant van sy groentetuin. Die Kleurling deel mee dat die tuin nie so baie tyd in beslag neem dat hy dit nie kan behartig nie. Soggens voordat hy gaan werk en saans ndat hy tuis is, doen hy binne enkele minute die nodige besproeiingswerk, terwyl hy verder van Saterdae gebruik maak om sy tuin te versorg.

Alhoewel enkele boere hul arbeiders aanmoedig om tuin te maak deur alle tuinbenodigdhede soos saad, plantjies, bemesting, voldoende leiwater en draad vir omheining, gratis te voorsien, is daar 'n groot aantal boere wat slegs daarin berus om aan hulle arbeiders tuingrond te voorsien en geen verdere moeite doen om hulle arbeiders in hierdie verband

aan/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aan te moedig nie. Tog is dit gevind dat voorbeelde van goeie gebruik maak van tuingrond voorkom op plase van albei bogenoemde tipes boere.

3. VOORREGTE TEN OPSIGTE VAN DIE AANHOUDING VAN SLAGDIERE

Die ondersoeker het slegs op drie plase boere aangetref wat glad nie hulle arbeiders toelaat om slagdiere aan te hou nie. 28 arbeiderwonings word op hierdie drie plase bewoon. Op al die ander plase binne die gebied van ondersoek, word die arbeiders toegelaat om slagdiere aan te hou.

364 of 46.1% van die arbeiders wat toegelaat is om slagdiere aan te hou, hou pluimvee soos hoenders, eende, makoue en duiwe aan. Die arbeiders hou veral graag pluimvee aan want dit is voordelig om eiers by die winkel vir kruideniersware te verruil. Teen Kersfees verseker dit ook 'n ekstra inkomste, aangesien die pluimvee dan teen goeie pryse verkoop kan word.

Die arbeiders binne die munisipale gebied word volgens munisipale regulasies nie toegelaat om varke aan te hou nie, maar die ondersoeker het 94 arbeiders in die distrik aangetref wat een of twee varke aanhou. Een boer moedig sy arbeiders aan om met varke te boer deur aan hulle

varkkos/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

varkkos [3] teen 'n verminderde prys te verkoop.

Alhoewel die pluimvee in sommige gevalle bedags toegelaat word om rond te wei, sorg al die arbeiders vir hokke wat hulself van ou draad en sinke maak, vir hulle diere.

Dis interessant dat daar geen trekdiere by die arbeiders aangetref is nie. Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat 'n groot aantal van hulle binne bereik van busdiens is. Die groep wat in Groot Drakenstein woonagtig is, maak gebruik van die Franschoek-trein, terwyl die arbeiders op ander meer verafgelee plase, van tyd tot tyd Saterdae deur die boere na die dorp vervoer word.

4. ANDER VOORREGTE

Wat ander voorregte met betrekking tot die behuising van plaasarbeiders betref, is daar vier boere wat voorsiening gemaak het vir elektriese lig in 24 arbeiderwonings. Al vier die boere vind dat die poging baie suksesvol is. 'n Hoofskakelaar word gewoonlik in die aand en in die oggend vroeg op vasgestelde tye onderskeidelik af en aangeskakel.

Op een/.....

---

3) Dit is 'n wetenskaplike-bereide mengsel wat die boer koop.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op een plaas moet die arbeiders self hul maandelikse elektrisiteitsrekening betaal en hulle vind dit goedkoper as 'n maandelikse uitgaaf aan kerse en ander brandstof. Dit is beslis 'n stap in die regte rigting, want elektriese beligting in sy huis, verleen aan die arbeider meer status in sy eie oë, en so 'n gevoel van status dien as aanmoediging tot 'n hoër lewenspeil. Verder lei meer lig tot groter sindelikheid veral tydens die aandete; dit skep ook geleentheid vir gesonder vryetydsbesteding veral gedurende die lang wintersaande.

Dit is duidelik uit bostaande dat die arbeiders op sommige plase meer voorregte geniet; dit hang natuurlik baie af van die houding van die individuele boer. Daar kan ook verder opgemerk word dat as die plaasarbeider beter gebruik maak van die addisionele voorregte wat sommige boere tot sy beskikking stel, hy sy lewenstandaard sal kan verhoog.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK VII

DIE HOUDING EN OPINIES VAN DIE PLAASEIENAARS TEN OPSIGTE VAN DIE BEHUISING VAN PLAASARBEIDERS

In die gebied van ondersoek is oor die algemeen gevind dat die boere die noodsaaklikheid van goeie behuising vir hul arbeiders besef. Soos reeds gemeld, is die uitvoerdruiweboer grootliks afhanklik van goeie nie-blanke arbeid, en hy besef dat die voorsiening in standaard behuisingstoestande vir sy arbeiders, van essensiële belang is vir die sukses van sy boerdery.

Etlike boere het dan ook getuig dat deur middel van goeie arbeiderwonings 'n beter tipe arbeider gelok word. Die boer word verder instaat gestel om die swakker tipe arbeider wat minderwaardige dienste lewer, en wat nie respek jeëns die huis wat hy bewoon, betoon nie, te ontslaan, aangesien daar gedurig arbeiders om werk kom aansoek doen. Op hierdie wyse word die boer instaat gestel om selektief te wees ten opsigte van die arbeiders wat hy in sy diens neem, terwyl die boer met swak behuisingstoestande vir sy arbeiders, nie in so 'n posisie is nie. Een boer wat besef dat sy huidige arbeiderwonings oud en bouvallig

is,/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is, het aan die ondersoeker meegedeel dat hy geen arbeiders in diens neem voordat hy nie aan hulle sy arbeiderwonings gewys het nie. Sy ondervinding is dat die beter tipe arbeider, nadat hy die wonings gesien het, verkies om elders te gaan werk soek.

'n Ander boer het die mening gehuldig dat aangesien dit die arbeiders is wat die boere instaatstel om sukses met hul boerdery te behaal, die boere goeie behuising aan hulle verskuldig is. Elke boer behoort dit as sy primêre plig te beskou om toe te sien dat sy arbeiderwonings altyd in 'n eersteklas toestand is deur dit gereeld na te sien en te herstel. Dit was dan ook die mening van verskeie boere dat wanneer die arbeiders onder goeie en higïeniese toestande woon en dus tevrede is, hulle instaat is om beter dienste te lewer. Die boer moet ook die feit in gedagte hou dat die arbeiders nie finansieel instaat is om baie warm klere en komberse aan te skaf nie, gevolglik is dit om gesondheidsredes noodsaaklik dat die huise dig en warm is. Een boer het die belangrikheid daarvan beklemtoon dat die boere moet toesien dat hul arbeiderwonings elk 'n groot vuurherd en skoorsteen het, want die skoorsteen dien as ventilator wanneer die arbeiders in die winter alle vensters en deure toemaak om die koue uit te sluit.

Etlike/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Etlike boere is verder van mening dat die arbeiders opgevoed en ontwikkel moet word om beter huise te waardeer, voordat hulle in beter behuisingstoestande vir hul arbeiders sal voorsien. Die vraag is egter of die boere besef dat hierdie opvoedingstaak deels ook hulle verantwoordelikheid is. Die boere meen dat daar van staatswee 'n stelsel moet wees waarvolgens maatskaplike dienste, veral ten opsigte van ontspanningsfasiliteite, tot beskikking van die plaasarbeiders gestel moet word. Onder huidige omstandighede is daar geen dienste van hierdie aard vir die plaasarbeiders beskikbaar nie.

In teenstelling met 91.2% van die boere wat ten gunste is van goeie behuisingstoestande vir hulle arbeiders is daar 9 of 8.8% van die boere wat 'n teenoorgestelde standpunt in hierdie verband huldig. Sommige van hulle is van mening dat die plaasarbeider tog aan geen beter omstandighede gewoond is nie en dus nie instaat sal wees om beter huise te waardeer nie. Hulle staan heeltemal onverskillig teenoor die toestand van hul arbeiderwonings en in sommige gevalle weier hulle selfs om enige reparasies aan die huise aan te bring aangesien hulle van die standpunt uitgaan dat die huise tog binne 'n paar weke weer in dieselfde toestand sal verval. Hierdie boere wend geen taktvolle poging aan

om/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

om die arbeiders aan te moedig om meer respek teenoor die huise te betoon nie, en gevolglik het hulle gewoonlik baie klagtes oor die oneerbiedige wyse waarop die arbeiders hulle wonings bewoon. 'n Swakker tipe arbeider is dan ook oor die algemeen op hierdie plase aangetref.

Slegs 7 of 6.9% van die boere doen gereeld inspeksie by die wonings en 3 van hierdie boere loof ook 'n prys uit vir die mees netjiese huis gedurende die jaar. Binne die gebied van ondersoek is slegs 3 boervroue aangetref wat gereeld die arbeiderwonings gaan besoek en inspekteer. Die wonings op hierdie plase is besonder netjies aangetref en dit is gevind dat die arbeiders moeite doen om hulle huise van binne te verfraai. Etlike boere gaan miskein twee tot drie keer per jaar 'n besoek by hul arbeiderwonings aflê om toestande te inspekteer, maar dit is heeltemal onvoldoende.

35 of 34.3% van die boere het beweer dat hul arbeiders wel respek betoon teenoor hul wonings; verskeie van hulle skep behae daarin om die binnemure van hul huise met gekleurde klei of kalk te verf en dit sodoende te verfraai. Hierdie boere besef dat die arbeiders beswaarlik verantwoordelik gehou kan word vir hul gedrag gedurende die naweke wanneer hulle besope is, en ook vir die onverantwoordelike optrede van die kinders. 42 of 41.2% van die boere het

beweer/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beweer dat slegs sommige van die arbeiders hul huise ordentlik bewoon, terwyl dit vir die ander weinig saak maak tot hoe 'n mate hulle die huise verniel. Die boere met beter en swakker tipe wonings op hul plase, het getuig dat die arbeiders in die beter tipe wonings gewoonlik meer respek teenoor die wonings betoon as die arbeiders in die swakker tipe wonings. Hieruit kan dus afgelei word dat wanneer die arbeiders van beter tipe wonings voorsien word, dit vir hulle as aanmoediging dien om hul wonings beter op te pas. 25 of 24.5% van die boere het getuig dat hul arbeiders geensins respek teenoor hul wonings betoon nie. Al die boere het beweer dat hulle wel hul arbeiders aanmoedig om hul wonings ordentlik te bewoon, maar dit was vir die ondersoeker duidelik dat sommige boere dit op 'n baie ontaktvolle wyse doen en dus nie die verlangde resultate sien nie. Enkele boere het ook geskuil agter die verskoning dat hulle nie te veel met hul arbeiders wil „lol" nie, aangesien hul bang is dat hulle sal trek. Een boer wat op groot skaal boer en 27 goeie arbeiderwonings op sy plaas het, moedig gereeld sy arbeiders aan om hul wonings op te pas. Hierdie boer getuig dat hy 'n aanmerklike verbetering in die houding wat die arbeiders teenoor hul wonings inslaan, gedurende die afgelope ses jaar kan waarneem. Hierdie

boer/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

boer gaan dikwels arbeiders uit die Karoo haal om hulle op sy plaas te kom vestig. Hy het getuig dat dit verbasend is om waar te neem, hoe selfs hierdie arbeiders wat aan baie swak behuisingsomstandighede gewoond was, binne aansienlike tyd leer om hul wonings op te pas. Die wonings van die arbeiders op hierdie plaas is baie netjies aangetref. Hierdie voorbeeld getuig van hoe 'n boer deur taktvolle aanmoediging sy arbeiders kan leer om respek teenoor hul woonhuise te betoon.

Op al die plase binne die gebied van ondersoek, onderneem die boere om die huise te repareer, selfs in gevalle van moedswillige vernieling aan die kant van die arbeiders. Die boere is hiertoe genoodsaak, want hulle beweer dat die arbeiders, met enkele uitsonderings, nooit op eie inisiatief en onkoste hul wonings sal repareer nie. Die huise word gewoonlik jaarliks nagesien en afgewit, of in sommige gevalle meer dikwels wanneer dit nodig is. Een boer sien sy huise sleegs elke twee jaar na.

Alhoewel verskeie boere van mening is dat die behuisingstoestande van die plaasarbeiders in die Paarl en distrik goed vergelyk met toestande in naburige distrikte, meen sommige dat die boere oor die algemeen baie meer aandag aan hierdie aspek van hulle boerdery kan wy.

Die/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die houding van die boere ten opsigte van die bouregulasies van die Afdelingsraad en die Munisipaliteit: Dit is die oortuiging van etlike boere dat toe die bouregulasies van die Afdelingsraad op 1 Januarie 1950 algemeen van toepassing geword het, daar beslis in stap gedoen is in die rigting om die plaasarbeider op te voed en te onwikkel, want alleenlik deur vir die arbeiders goeie huise te verskaf, kan hulle opgevoed word om dit te waardeer. Alhoewel sekere aspekte van die regulasies by verskeie boere kritiek uitlok, vind hulle oor die algemeen dat die regulasies prakties opgestel is en hulle keur dit goed dat al die boere verplig word om hulle arbeiderwonings volgens voorgeskrewe regulasies te bou.

Die minimum koste verbonde aan die bou van een arbeiderwoning volgens die regulasies van die Afdelingsraad of Munisipaliteit, is vandag ± £700. In hierdie verband het sommige boere gemeen dat die regulasies vereis dat die huise te durabel gebou word. Die boere kla verder dat hulle van staatswee verplig word om 'n huis volgens sekere minimumstandaarde te bou, maar dat die staat in geen subsidie vir die boer voorsien om hom instaat te stel om voldoende behuising vir sy arbeiders te verskaf nie. Etlike boere het beweer dat hulle graag nuwe en meer wonings vir hul

arbeiders/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

arbeiders wil bou, maar dat hulle dit nie kan bekostig nie; minder huise word dus gebou, en oorbewonings van oü huise neem toe.

Verder het die boere betreklik algemeen gekla oor die vereistes van die regulasies in verband met sanitasie. Die regulasies vereis dat elke woning voorsien word van 'n geboude latrine, terwyl daar nooit deur gesondheidsinspekteurs of ander amptenare inspeksie gedoen word of die arbeiders wel van hierdie geriewe gebruik maak nie. Die boere beskou dit as onnodige onkoste aangesien die arbeiders tog nie van die latrines gebruik maak nie. Verskeie boere het aanbeveel dat putlatrines voorsien van 'n sinkgeboudjie wat verskuif kan word indien nodig, 'n meer higïeniese en praktiese sanitêre stelsel op 'n plaas is.

Die feit dat die regulasies vereis dat glasruite in die vensters ingesig word, is ook deur verskeie boere gekritiseer. Volgens laasgenoemdes word die ruite baie gou gebreek en veroorsaak dit trek in die huise; hulle beveel aan dat hout hortjies instede van glasruite baie meer doeltreffend sal wees.

Een boer was verder van mening dat die bepalings ten opsigte van die grootte van die slaapvertrekke, onvoldoende

is,/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is; die minimum vloeroppervlakte behoort groter te wees as die huidige vereiste van 80 vkt. vt.

Dan is daar ook nog 'n kleiner persentasie van die boere wat meen dat die vereistes van die regulasies oor die algemeen glad te hoog is. Sommige het selfs die standpunt gehuldig dat die regulasies 'n oorbodige instelling is aangesien die arbeiders tog nie aan beter toestande gewoond is nie en dit nie kan waardeer nie. Hierdie boere slaan gewoonlik 'n baie onverskillige houding in teenoor die behuising van hul eie arbeiders.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK VIII

BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

In hierdie hoofstuk word die belangrikste bevindings i.v.m. die behuising van die nie-blanke arbeiders op die 102 plase van uitvoerdruiweboere kortliks saamgevat. Ook word sekere aanbevelings gemaak i.v.m. die verbetering van die behuisingstoestande.

1 Weens die feit dat 'n aantal (52.9%) van die plase in die munisipale gebied van die Paarl geleë is, is die huise van die plaasarbeiders werksaam op daardie plase onderhewig aan die bou- en gesondheidsregulasies van die Munisipaliteit van Paarl. Dit het natuurlik 'n gunstige uitwerking op die gehalte huise waarin hierdie plaas-arbeiders gehuisves word. Daarby kom ook nog dat by die Afdelingsraad van Paarl vanaf 1950 bouregulasies ten opsigte van behuising van plaasarbeiders van krag is. Hoewel tydens die ondersoek net 8.8% van die huise na 1950 gebou is en dus aan die nuwe bouregulasies voldoen, sal hierdie regulasies as gevolg hê dat daar 'n groot ver-betering in die huisvesting van plaasarbeiders in die toekoms

waargeneem/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK VIII

BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

In hierdie hoofstuk word die belangrikste bevindings i.v.m. die behuising van die nie-blanke arbeiders op die 102 plase van uitvoerdruiweboere kortliks saamgevat. Ook word sekere aanbevelings gemaak i.v.m. die verbetering van die behuisingstoestande.

1 Weens die feit dat 'n aantal (52.9%) van die plase in die munisipale gebied van die Paarl geleë is, is die huise van die plaasarbeiders werksaam op daardie plase onderhewig aan die bou- en gesondheidsregulasies van die Munisipaliteit van Paarl. Dit het natuurlik 'n gunstige uitwerking op die gehalte huise waarin hierdie plaas-arbeiders gehuisves word. Daarby kom ook nog dat by die Afdelingsraad van Paarl vanaf 1950 bouregulasies ten opsigte van behuising van plaasarbeiders van krag is. Hoewel tydens die ondersoek net 8.8% van die huise na 1950 gebou is en dus aan die nuwe bouregulasies voldoen, sal hierdie regulasies as gevolg hê dat daar 'n groot ver-betering in die huisvesting van plaasarbeiders in die toekoms

waargeneem/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

waargeneem sal word.

2 Die Afdelingsraad van die Paarl het met hierdie regulasies getoon dat dit hulle erns is om die behuisingstoestande van plaasarbeiders in hulle gebied te verbeter en het sodoende 'n mooi voorbeeld aan ander plaaslike owerhede gestel. Daarby moet ook die feit genoem word dat die raad, wat grotendeels uit boere bestaan, ook vooraf die plaaslike boerevereniging i.v.m. die instel van sulke regulasies geraadpleeg het, en laasgenoemde se steun ontvang het.

3 As gevolg van bogenoemde regulasies van die twee plaaslike owerhede en die belangstelling van die boerende gemeenskap in die aangeleentheid, is gevind dat die behuisingstoestande van die plaasarbeiders in die gebied van ondersoek betreklik gunstig is en, soos reeds aangedui, nog steeds aan die verbeter is. Ongunstige toestande wat wel nog voor kom en in die hieropvolgende paragrawe genoem word, behoort mettertyd nie meer te bestaan nie.

4 76.3% van die huise van die plaasarbeiders is op 'n veilige terrein geleë d.w.s. nie langs 'n hoofpad of treinspoor nie en 77.2% is nie verder as 'n kwart myl van die plaaswerf nie.

5/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5 Daar is gevind dat 50% van die huise in baie nat omgewings staan, terwyl by 307 van die 817 huise vuilishope, wat blykbaar nie verwyder word nie, langs die huise aangetref is. Dit skep 'n uiters onhigieniese toestande en die vullishope is verdere 'n goeie broeiplek vir vlieë.

Hierdie ongunstige toestande kan voorkom word deur die maak van afvoerslote by die bestaande huise en die toesien dat, wanneer nuwe huise gebou word, die terrein deeglik dreineer word. Beter toesig deur die werkgewer oor die skoon hou van die terrein by die huise van die arbeiders is nodig. By enkele plase in die gebied van ondersoek waar die werkgewer deeglik bewus is van die belangrikheid van gesonde omgewingstoestande by die woonhuise van hulle arbeiders, word toesig van hierdie aard met welslae bekroon.

6 Van die 817 huise is 85.9% van baksteen en 11.4% van rou- en sementstene gebou, terwyl in die hele gebied van ondersoek net 6 hout- en 6 sinkhokke aangetref is waarin nie-blanke arbeiders woonagtig is.

7 Sommige van die huise is egter nie in alle opsigte in 'n goeie toestand vir menslike bewoning nie. So bv. is daar 38.8% huise waarvan die dakke kwaai lek, terwyl

in/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in 44.1% van die huise die skoorstene swak trek en die huise dikwels onder rook is. Nie alleen is sulke toestande nadelig vir die gesondheid van die inwoners nie, maar dit ontmoedig ook die lus wat daar by die inwoners mag bestaan om die huise netjies te hou.

8 52.9% van die huise van die plaasarbeiders het grondvloere en 26.6% het gedeeltelik grond- en plankvloere (gewoonlik het die slaapkamer die plankvloer.) In 5.5% wonings is daar plankvloere in alle vertrekke en in 'n paar gevalle word ook baksteen- en sementvloere aangetref.

Die Munisipale regulasies vereis dat die slaap-vertrekke plankvloere moet hê terwyl die Afdelingsraad grondvloere van vasgestampte klei aanbeveel, mits die fondamente van die huis goed gelig word om vogtigheid te voorkom.

Dit is egter sterk te betwyfel of grondvloere vanuit 'n gesondheidsoogpunt gewens is. Die nat winters van die Westelike Provinsie (die jaarlikse reënval in die Paarl is ongeveer 35 duim) maak grondvloere in hierdie deel van die land ongewens veral as die feit in aanmerking geneem word dat tuberkulose onder die nie-blankes langs die kusstreke

in 'n/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in 'n hoër mate voor kom as in ander dele van die land. Daarby moet ook nog die feit gevoeg word dat 'n grondvloer nie sindelik gehou kan word nie en die broeiplek vir kieme is.

As plankvloere as ondienlik en te durabel beskou word sal gesoek moet word na die gebruik van ander materiaal wat nie skadelik is vir die gesondheid nie, vir die netjiese huisvrou (en daar is diesulkes onder die nie-blankes) 'n aanmoediging is om haar huis in 'n goeie toestand te hou en wat ook nie die boukoste te hoog sal maak nie.

9 65.7% van die huise wat net uit twee vertrekke bestaan het geen binnedeure nie. Vir deeglike versorging van en toesig oor die gesin is die toestand ongunstig. Dit kan die reeds bestaande gebruik wat dikwels aangetref word by mense van 'n uiters eenvoudige leefwyse nl. dat almal in een vertrek woon en slaap(veral as die vertrek verwarm is) aanmoedig.

10 80.8% van die wonings het vensters in elke vertrek. Daar is egter 148 kombuise wat geen vensters het nie en net lig en lug van die kombuisdeur kry - ses hiervan is ook nog eenvertrek-wonings. Die slaapkamers van sewe wonings het geen vensters nie.

11/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

11 96 (11.8%) van die wonings het net een vertrek, 542(66.3%) het twee vertrekke terwyl 136 (16.6%) drie vertrekke het. As in aanmerking geneem word dat die een- en tweevertrek wonings wat bewoon was tydens die opname gemiddeld 3.2 en 4.8% inwoners per woning respektiewelik het, dan is dit baie duidelik dat 'n groot persentasie van die plaasarbeiders in wonings woonagtig is wat te klein is.

12 Toestande soos genoem onder par. 10 en 11 is nie alleen skadelik vir die gesondheid nie, maar bemoeilik ordelikheid en netheid en is hoegenaamd nie bevorderlik vir die opbou van 'n gesonde gesinslewe nie. Enige rehabilatiewe werk, wat die bron daarvan ook mag wees, sal deur sulke toestande ernstig gekortwiek word.

Deur die geleidelike vervanging van die ouer tipe huise deur nuwes wat moet voldoen aan die regulasies van die Afdelingsraad, kan verwag word dat baie van die ongunstige toestande sal verdwyn. Die regulasies vereis egter dat 'n woning uit minstens twee vertrekke moet bestaan. Dit sal as gevolg hê dat die eenvertrek-woning geleidelik sal verdwyn. Of die bou van tweevertrek-wonings, behalwe in beperkte mate vir klein gesinne en ongetroude arbeiders, toegelaat moet word val sterk te betwyfel. Vir 'n gesin bestaande uit ouers en kinders uit albei geslagte is ten

minste/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

minste drie vertrekke nodig. Deur vriendelike raadgewing en voorligting sou selfs mense met die eenvoudigste agtergrond en leefwyse mettertyd geleer kan word hoe om die regte gebruik van die vertrekke te maak tot voordeel van elke lid van die gesin.

13. Watervoorsiening by die wonings van die plaasarbeiders is oor die algemeen goed. Slegs 30 wonings het g'n waterkraan met suiwer water tot hulle beskikking nie en die bewoners van hierdie huise moet water van 'n put, bergstroom voor of dam aandra. In die geval van 144 van die huise is die krane egter van 100 tot selfs 600 tree van die huise geleë, wat ongerief veroorsaak en nie sindelikheid aanmoedig nie.

Die voorbeeld van 'n aantal werkgewers in die gebied van ondersoek wat by die krane ook nog sement wasbakke gebou het, sommige ook onder dak, verdien navolging.

By vyf plase waar stortbaddens vir die arbeiders opgerig is, is die ondervinding dat daarvan nie gebruik gemaak word nie. By 'n sesde plaas waar 'n persoon spesiaal aangestel is om hierdie geriewe in 'n nette toestand te hou, is gevind dat die stortbaddens veral in die somer, betreklik gereeld gebruik word.

Vir/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vir ernstige oorweging word by die werkgewers aanbeveel om op 'n eenvoudige en klein skaal voorsiening te maak vir bad- en wasgeriewe. 'n Sementbad van 4 x 6 voet waarin die kinders gebad kan word en ook as 'n wasplek vir die volwassenes kan dien sal al voldoende wees om mee te begin.

14. Die sanitêre geriewe van die plaasarbeiders op die plase in die gebied van ondersoek is uiters ondoeltreffend gevind alhoewel daar kan aangeneem word dat die toestande gunstig is in vergelyking met ander dele van die land. Etlike werkgewers het wel pogings aangewend om die toestande te verbeter maar verklaar dat hulle in die opsig geen samewerking van die arbeiders gekry het nie.

By 42.4% van die wonings, die meerderheid buite die munisipale area, is daar geen sanitêre geriewe vir die arbeiders nie. Waar sulke geriewe wel bestaan, is die helfte spoellatrines, 29% maak gebruik van die emmer- en 21.7% van die putstelsel. Die spoellatrines kom in so 'n groot mate voor omdat so baie van die plase wat wel voorsiening maak vir sanitêre geriewe in die munisipale gebied geleë is. Dit is egter juis die spoollatrines wat, so word deur die werkgewers gekla, gedurig uit orde is weens verstopping, veral omdat die regte toiletpapier nie

gebruik/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gebruik word nie, en verder weens vernielsugtigheid van die kant van die arbeiders (breek van spoelbak, deksel of ketting).

Volgens die regulasies van beide die Munisipaliteit en Afdelingsraad moet vir elke woning 'n latrine van baksteen en sement gebou word en die putstelsel word dus geleidelik uitgeskakel. Die vraag is egter of die putstelsel vir die gebruik van die eenvoudiger tipe plaasarbeider nie die doeltreffendste is nie. Mits die geskikste plek vir die doel uitgesoek word sodat onderaardse watervoorrade nie besoedel word nie, is dit meer higienies (veral minder blootgestel aan vlieë) as die emmerstelsel en kan nie so maklik verniel word en uit orde raak soos die spoellatrine nie.

Veel meer sal gedoen moet word van die kant van die werkgewers om die arbeiders op te voed om die sanitêre geriewe in 'n goeie en nette toestand te hou. In die enkele gevalle waar dit in die gebied van ondersoek gedoen is, is die resultaat besonder bevredigend.

15 Behalwe vry huisvesting en water ontvang die plaasarbeiders ook nog op baie plase ander voorregte. By 20.6% van die wonings lewer die boer gereeld brandhout

vir hulle/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vir hulle arbeiders terwyl die bewoners van 63.9% van die wonings brandhout kan gaan soek op sekere dele van die plase wat vir die doel tot hulle beskikking gestel is. Verder het al die plaasarbeiders, ook in die munisipale area, tuingrond wat hulle kan bewerk.

Behoorlike tuine is egter net by 52.8% van die huise wat tydens die ondersoek bewoon is, aangetref. Diegene wat hulle tuingrond bewerk, veral waar leiwater tot hulle beskikking is(wat egter nie orals die geval is nie), vul dan ook sodoende hulle voedselvoorrade aansienlik aan. Alhoewel baie plaasarbeiders, wat van vroeg tot laat reeds op die land besig is, moontlik nie die lus en die nodige kragte het om in hulle vrye tyd ook in hulle eie tuine te werk nie, wil dit tog voorkom asof daar by baie gesinne, veral die wat skoolgaande kinders tuis het, 'n gebrek aan belangstelling, traagheid en laksheid is wat die bewerking van die tuingrond betref. Waar van die kant van enkele boere saad, plantjies en bemesting en voldoende leiwater verskaf word en daarby ook deur persoonlike belangstelling die arbeiders aangemoedig word, is in sekere gevalle die resultaat goed.

16/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

16 Daar is verklaar dat die minimum boukoste van een arbeiderwoning van twee vertrekke, gebou volgens die regulasies van die Afdelingsraad of die Munisipaliteit, vandag ± £700 sal bedra. Baie van die boere beweer dat die koste te hoog is vir hulle om alleen te dra en hulle is van mening dat hulle van staatswee gehelp moet word om geskikte huisvesting vir hulle arbeiders te voorsien.

Dit sou wenslik wees as die plaaslike owerhede in samewerking met landbouorganisasies planne oorweeg vir doeltreffende plaaswonings waarvan die koste nie so hoog is nie. Die Nasionale Behuisings- en Beplanningskommissie het in samewerking met die Suid-Afrikaanse Raad vir Wetenskaplike en Industriële Navorsing planne opgestel vir huise vir plaasarbeiders. Volgens hulle berekening kan 'n viervertrek skakelhuis gebou word teen 'n beraamde koste van £450 per gebou op £225 per huis. Die beraming is gebaseer op blanke vakarbeid en op die pryse vir materiaal in Pretoria soos in Augustus 1951.[1] Al die vertrekke in die huise,

wat/.....

1) In 'n artikel in The Farmers Weekly Julie 1952(Vol. 83) word hierdie bouplanne uitvoerig behandel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat beplan is vir die huisvesting van naturelle in die noordelike provinsies, het (met die uitsondering van die kombuis wat 'n gladde konkreetvloer het) grondvloere. As 'n ander tipe vloer, meer geskik vir die klam winters van die Westelike Provinsie, gekies word sal dit die boukoste wel hoër maak maar dit sal tog nog gunstig vergelyk met wat beweer word 'n tweevertrek arbeiderwoning op die oomblik in die gebied van ondersoek kos om te bou.

18 Die ondersoek het baie duidelik aan die lig gebring die noodsaaklikheid dat die boer en sy vrou 'n groter persoonlike belangstelling in die huisvesting (onder andere) van hulle arbeiders moet stel. Op die 102 plase wat besoek is, is gevind dat net 7 boere en 3 boerevrouens gereeld inspeksie hou van die plaaswonings.

Persoonlike belangstelling wat netheid, sindelikheid en oppassendheid aanprys sal baie daartoe meehelp om die meerderheid van die nie-blanke arbeiders aan te moedig om hulle huise net te hou, nie vernielsugtig op te tree nie en ook hulle tuingrond te bewerk.

Nie/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nie deur dreigement nie maar deur geduldige aanmoediging en belangstelling en beloning waar verbetering merkbaar is(onder ander deur 'n ekstra gerief wat in die huis aangebring word) sal die verlangde gunstige resultaat uiteindelik by baie huisgesinne bereik word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAAG A.

SKEDULE INGEVUL BY DIE PLAASEIENAARS

1. Naam van plaaseienaar .....
2. Adres .....
3. Huise van die arbeiders:
   (a) Deur Kleurlinge bewoon:
   (b) Deur Naturelle bewoon:
   (c) Aantal onbewoond:
   TOTAAL:
4. Hoe vergelyk die huise van die Kleurlinge met die ander geboue op die plaas? .....
   .....
5. Wanneer is die huise van die Kleurlinge gebou? .....
   .....
6. Verantwoordelikheid vir die huis:
   (a) Wie is verantwoordelik vir reparasies?
   (i) Eienaar van die plaas .....
   (ii) Kleurlinge self .....
   (b) Hoe dikwels word huis gerepareer:
   (i) Jaarliks .....
   (ii) Elke twee jaar .....

(iii)/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(iii) Meer as elke twee jaar .....

(iv) Wanneer nodig .....

(c) Wie is verantwoordelik vir reparasies in geval van moedswillige vernieling deur bewoners van die huis:

Eienaar: .....

Kleurlinge self: .....

(d) Indien dit die Kleurlinge self is, bring hul wel die reparasies aan? .....

.....

7. (a) Openbaar die bewoners respek vir die huise wat hulle bewoon?

(b) Moet eienaar respek vir hul huise op hul afdwing?

8. Toon die plaaseienaar en sy vrou hul persoonli... belangstelling in die manier waarop die Kleurlinge hul huise bewoon?

9. Houding van die boer t.o.v. bouregulasies van die Afdelingsraad en sy mening oor hoe dit in die praktyk werk.

10. Menings van die boer t.o.v. tekortkomings in die behuising van plaasarbeiders in die algemeen.

11. Menings van die boer t.o.v. die tekortkomings

in die/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in die behuising van die arbeiders op sy eie plaas.

12. Opmerkings van die boer oor enige onderwerp wat op enige van die vraelyste verskyn.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAAG B.

SKEDULE INGEVUL BY DIE WONINGS VAN DIE ARBEIDERS

Naam van plaas: .....

Naam van gesinshoof: .....

1. Ligging van die Huis:

   (a) Afstand vanaf werf ..... tree.

   (b) Gevare op staanplek soos bv. langs gevaarlike riviere of hoofpaaie .....
   .....

   (c) Onhigiëniese toestande naby huis soos bv. veekrale, vullishope ens. .....
   .....

   (d) Ongesonde toestande naby huis soos bv. baie nat grond. .....
   .....

2. Aantal persone wat huis bewoon:

   (a) Gesin: (i) Mans bo 10 jaar .....
   (ii) Vrouens bo 10 jaar .....
   (iii) Kinders onder 10 jaar .....

   (b) Ander persone in huis:

   (i) Mans bo 10 jaar .....
   (ii) Vrouens bo 10 jaar .....
   (iii) Kinders onder 10 jaar .....

   Totaal:

3./.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3. Konstruksie van die huis:

(a) Mure: (i) Baksteen: Rou .....
Gebak .....
(ii) Sink: .....
(iii) Hout: .....
(iv) Ander materiaal: .....
(v) Pleistering van huis:
Buite: Ja: ..... Materiaal...
Nee: .....
Binne: Ja: ..... Materiaal...
Nee: .....
(vi) Huis afgewit:
Buite: Ja: ..... Waarmee.....
Nee: .....
Binne: Ja: ..... Waarmee.....
Nee: .....

(b) Dak: (i) Vorm van dak: Staandak .....
Platdak .....
(ii) Materiaal van dak: Sink .....
Asbes .....
Ander .....
(iii) Geute: Ja: .....
Nee: .....
(iv) Digtheid van dak: Dak dig .....
Dak lek .....

(c) Plafon: Ja .....
Nee .....
Materiaal van plafon.....

(d) Vloer: (i) Grondvloer .....
(ii) Sementvloer .....
(iii) Plankvloer .....
(iv) Stene .....

(e) Vloeroppervlakte van die hele huis: (by benadering)
(i) Onder 500 vk. vt. .....
(ii) 500 - 1000 vk. vt. .....
(iii) Meer as 1000 vk. vt. .....

(f)/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(f) Aantal vertrekke:

Slaap	Woon en Eet	Kombuis	Ander

(g) Afskortings:

(i) Ja .....
Aantal .....

(ii) Nee .....
Is dit tog moontlik:
Ja: .....
Nee: .....

(h) Deure: (i) Buitedeure: Aantal .....
Vorm van deur .....
.....
Net een deur .....
.....
Bo en onderdeur .....
.....

(ii) Binnedeure: Ja .....
Nee .....

(iii) Kan buitedeure gesluit word:
Ja .....
Nee .....

(iv) Tekens dat slotte verniel is:
Ja .....
Nee.....

(i) Vensters: (i) Aantal .....

(ii) Vensters in elke vertrek:
Ja .....
Nee .....

(iii) In water vertrekke is nie vensters nie.
.....

(iv) Grootte van vensters:
1 - 2 vk. vt. .....
3 - 4 vk. vt. .....
Meer as 4 vk. vt. .....

(v) Oppervlakte van die venster in verhouding met die oppervlakte van die vloer van die vertrek:

Minder/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Minder as een- twaalfde .....
Een twaalfde .....
Meer as een- twaalfde .....

(vi) Ruite:
Ja .....
Nee .....
Sommige ruite stukkend .....
Alle ruite heel .....

(j) Veranda: Ja .....
Nee .....

4. Voorbereiding van die voedsel:

(a) Kookgeriewe:
(i) Stoof .....
(ii) Vuurherd .....
(iii) Geen .....

(b) Bakgeriewe:
(i) Stoof .....
(ii) Oond in die huis .....
(iii) Oond buite .....
(iv) Geen .....

(c) Skoorstene:
(i) Trek goed .....
(ii) Trek sleg .....
(iii) Geen .....

5. Netheid van die huis:

(a) ..... (b) ..... (c) .....

6. Wateraanleg:

(a) Kraan:
Hoe ver van huis ..... tree.
Hoeveel persone gebruik die kraan .....

(b) Ander watervoorsiening:
Soort voorsiening .....
Hoe ver van huis ..... tree.

7/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7. Sanitêre Geriewe:

(a) Soort latrine:

(i) Spoel .....
(ii) Emmer .....
(iii) Put .....
(iv) Geen voorsiening .....

(b) I.g.v. geen voorsiening waarheen gaan Kleurlinge
.....

(c) Hoeveel persone per latrine.....

(d) Netheid van latrine .....
.....
.....

(e) Wie is verantwoordelik vir die skoonhou .....

(f) Hoe dikwels word dit skoongemaak: .....

8. Voorregte van die arbeiders:

(a) Hout: (i) Plaaseienaar ry dit aan:
Ja: .....
Nee: .....

(ii) Kleurlinge moet dit self gaan soek:
Distansie vanaf huis waar hout gekry kan word ..... tree.

(b) Tuingrond:

(i) Word tuin gemaak: .....
Ja: .....
Nee: .....

(ii) Wat word geplant:
Groente: .....
Blomme: .....
Vrugtebome: .....
Ander: .....

(c)/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(c) Aanhouding van diere:

(i) Toelaatbaar:
Ja .....
Nee .....

(ii) Wat word aangehou:
Huisdiere .....
Hoenders .....
Ander .....

(iii) Manier waarop diere aangehou word bv. in hokke of loop hulle los .....
.....

(d) Ander voorregte: .....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAAG C.

AFDELINGSRAAD VAN PAARL

GEWYSIGDE REGULASIES TEN OPSIGTE VAN NUWE EN DIE VERANDERING VAN BESTAANDE GEBOUE.

(Opgestel kragtens Ordonnansie No. 13 van 1917, soos gewysig.)

„93. In hierdie regulasies het die volgende woorde en uitdrukkings die betekenisse wat hierna onderskeidelik daaraan geheg word, tensy sodanige betekenisse in stryd of onbestaanbaar is met die sinsverband waarin of saak in verband waarmee sodanige woorde of uitdrukkings voorkom:-

‚Raad' beteken die afdelingsraad van Paarl

‚Ingenieur' beteken die ingenieur van die raad of enige ander amptenaar deur die raad gemagtig om die pligte uit te voer wat by hierdie regulasies aan die ingenieur opgedra word.

‚Pad' of ‚ryweg' beteken 'n geproklameerde of openbare pad soos omskryf in Ordonnansie nr. 12 van 1949 en omvat 'n openbare plek wat aangedui is of hierna aangedui word op 'n algemene plan wat by 'n Aktes-kantoor geregistreer is.

‚Straat' beteken 'n pad of ryweg geproklameer, ongeproklameer of ongemaak, of ander openbare gebied, wat aangedui is of hierna aangedui word op die algemene plan wat by 'n Akteskantoor geregistreer is.

‚Gebou' beteken 'n struktuur van watter aard en vir watter doel ook al gebruik.

‚Nuwe gebou ' beteken en omvat 'n huis, hotel, skool, fabriek, stal, winkel, pakkamer, garage of kantoor of ander sakeperseel of enige ander struktuur of sakeperseel of openbare gebou, soos omskryf in artikel 4 van Ordonnansie nr. 13 van 1917 of enige verandering aan sodanige gebou of struktuur wat die verwydering van die dak of die afbreek van 'n buitemuur of die oprigting van 'n nuwe kamer in of in verband met sodanige gebou meebring, maar omvat nie reparasies of klein veranderings aan sodanige gebou nie.

Woning /.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'Woning' beteken 'n huis, kamer, afdak, hut, spelonk, tent, voertuig, vaartuig of boot of enige ander struktuur of plek van watter aard ook al, waarvan enige gedeelte deur mense as 'n woon- of slaapplek gebruik word.

'Huishoudelike geboue" beteken enige woning.

'Afdeling' beteken die gebied onder die beheer van die raad.

'Grond onderverdeel vir boudoeleindes' beteken 'n stuk grond wat in persele verdeel is waarop dit die voorneme is om geboue op te rig vir woondoeleindes of vir enige ander doeleindes wat gewoonlik deel uitmaak van vaste eiendom in 'n dorp en verder soos bepaal in die Ordonnansie op Dorpe, 1934.

'Openbare plek' beteken 'n openbare plek soos omskryf in die Ordonnansie op Dorpe. 1934.

93 (bis). Toepassing van Regulasies: Hierdie regulasies is van toepassing op die oprigting van nuwe en die verandering van bestaande geboue op enige plek in die afdeling."

94. Niemand mag 'n nuwe gebou oprig sonder om vooraf die skriftelike goedkeuring van die Raad te verkry nie.

"95. Niemand mag 'n struktuur van hout en yster of wat hoofsaaklik uit hout en yster bestaan, tente, woonwaens of enige bouwerk van 'n verplaasbare of tydelike aard, oprig of opslaan sonder 'n voorafverkreë skriftelike permit van die raad vir die oprigting of opslaan van so 'n struktuur op so 'n plek nie, en in elke permit moet vermeld word vir hoe lank dit toegestaan is en op so 'n plek mag bly, na gelang die raad goed ag.

Enige gebou of struktuur aldus opgerig moet gesloop en/of verwyder word na verstryking van die tydperk wat in die permit vermeld word, of na verstryking van sodanige tydperk sodra die eienaar deur die raad versoek word om dit te verwyder en/of te sloop. Indien die eienaar, daartoe gelas deur die raad, in gebreke bly met die verwydering en/of sloping, besit die raad die reg om sodanige gebou en/of struktuur op koste van die eienaar te sloop en/of te verwyder.

96/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

96. Iedereen wat van plan is om 'n nuwe gebou op te rig, moet minstens veertien volle dae daarvan skriftelike kennis aan die Raad gee en terselfdertyd by die Raad die volgende in duplo, indien:-

Planne in besonderhede geteken volgens 'n skaal van minstens 1 duim gelyk aan elke 8 voet wat, onder andere, aantoon die hoogte van die fondamente van so 'n voorgestelde gebou in verhouding tot die straat waarop dit gaan staan. Ingeval sodanige straat of strate nog nie gemaak is nie moet die maak daarvan in die toekoms behoorlik in aanmerking geneem word en die grondhoogtes moet vasgestel word ten einde dit moontlik te maak dat die water, indien nodig, van die dak deur middel van die voorsiening wat daar vir spoelwater gemaak is op so 'n straat weggevoer kan word en sodat elke gebou so geleë is dat die laagste vloer daarvan behoorlik en onafhanklik deur afloop gedreineer kan word. In verband hiermee kan die Raad vereis dat alle steunmure uitgevoer moet word deur en op koste van die eienaar, en voltooi moet word tot bevrediging van die Ingenieur.

97. Die vasstel van alle grondhoogtes en die boustyl van geboue is onderworpe aan die goedkeuring van die Raad, en by die vasstel daarvan moet rekening gehou word met die hellings van bestaande of voorgestelde strate en die aard van die bestaande of voorgestelde geboue in die nabyheid en met die algemene omgewing, en die Raad het die reg om die oprigting te verbied van geboue wat, volgens sy mening, van 'n ongewenste aard is.

98. Op die planne moet die hoogte en dikte van die fonderingsmure en die hoogte van die grondvloer, die posisie van vogvrye lae, die afmetings en posisie van kamers en gange, die posisie van alle vensters, deure, skoorstene en luggate, en die gemakhuisies, en die voorgestelde wyse van dreinering aangetoon word, saam met 'n bylae van spesifikasies, waarin beskrywe moet word die materiaal en bouwyse en ander besonderhede van die verskillende dele van die voorgestelde werk. Aan eersgenoemde moet 'n "sleutelplan" geheg wees, geteken volgens 'n skaal van minstens een duim gelyk aan elke 20 voet, waarop aangetoon moet word die lyne van die grense van die perseel, die posisies ten opsigte daarvan van die geboue en bygeboue wat voorgestel is om daarop opgerig te

word/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word en tewens die geboue en bygeboue van die aangrensende eiendomme, die breedte, lyn, en bestaande hoogte van die pad aan die voorkant, en van die pad (indien daar 'n pad is) aan die agterkant van so 'n gebou, en tewens die lyn van die aangrensende geboue ten opsigte van die middellyn van die pad waarop die uitsig is. Die planne, "sleutelplan", spesifikasies en bylae wat hierin genoem word, moet elk die naam en adres bevat van die persoon wat die koste van die werk waarop hulle betrekking het moet betaal, en moet onderteken wees deur hom of sy agent, en ook deur die ontwerper of argitek. Die duplikaatoorspronklikes bly die eiendom van die Raad en word deur hom gehou, en alle planne en seksies moet met duursame ink en op goeie materiaal geteken word, en die vernaamste afmetings moet daarop in syfers aangetoon word terwyl 'n skaal bygevoeg moet word waarvolgens mate geneem kan word.

99. Niemand, hetsy 'n eienaar, agent, boumeester of ander persoon mag begin met die oprigting, vergroting of verandering van 'n gebou of ander bouwerk sonder voorafgaande toestemming en goedkeuring van die Raad nie: met dien verstande dat die Raad binne veertien dae na ontvangs van die kennisgewing, planne, seksies en spesifikasies of bylaes waarvan in die voorafgaande regulasie melding gemaak is, aan die persoon wat dit indien, kennis moet gee of hy dit goedgekeur het, en indien hy daaraan geen goedkeuring verleen nie, moet hy aan so 'n persoon kennis gee van die veranderings wat hy daarin gemaak wil hê; en verder met dien verstande dat die goedkeuring en toestemming van die Raad van nul en gener waarde is tensy met die werk, wat aldus goedgekeur is, 'n aanvang gemaak word binne twaalf maande na kennisgewing van sodanige goedkeuring.

100. Geen verandering aan, of afwyking van 'n plan, seksie, spesifikasie of bylae mag gemaak word nadat dit ingedien is by, en goedgekeur is deur die Raad nie, tensy kennisgewing van sodanige voorgestelde verandering of afwyking, saam met planne, seksies en spesifikasies of bylaes daarvan eers ingedien is by, en goedgekeur is deur, die Raad op dieselfde wyse en binne dieselfde tyd as wat vereis word in die geval van oorspronklike planne, seksies, spesifikasies of bylaes.

101/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

101. Die Ingenieur van die Raad en alle ander behoorlik gemagtigde amptenare kan op alle redelike tye 'n gebou of ander bouwerk wat opgerig, vergroot, of verander word, inspekteer.

102. Iedereen, hetsy die eienaar, agent, boumeester, of ander persoon wat van plan is om 'n gebou of ander bouwerk op te rig, te vergroot of te verander, moet voordat hy met die uitvoer van die werk begin, by die Raad op sy hoofkantoor 'n skriftelike kennisgewing aflewer waarin die datum waarop dit die bedoeling is om met sodanige werk te begin, aangegee word, en sodanige datum moet minstens twee volle dae na die aflewering van sodanige kennisgewing wees.

103. Indien sodanige persoon nalaat of weier om sodanige kennisgewing aan die Raad te stuur, en die Ingenieur van die Raad of ander behoorlik gemagtigde beampte wat deur die Raad aangestel is, by die inspekteur van sodanige werk, soos voornoem, bevind dat sodanige werk sover gevorder is dat hy nie kan uitvind of aan die vereistes van enige regulasie wat daarop betrekking het, voldoen is nie, en as hy binne 'n redelike tyd vereis dat sodanige werk wat hom verhinder om dit te doen, blootgelê, oopgekap of afgebreek moet word sover as wat nodig mag wees vir die doel, moet sodanige persoon binne die bepaalde tyd die werk blootlê, oopkap of afbreek soos vereis mag word, en die koste daarvan moet deur hom betaal word en daarby is hy strafbaar met die algemene boete in hierdie regulasies bepaal.

104. Indien iemand 'n woning, hut of ander struktuur oprig sonder dat planne daarvoor deur die raad ooreenkomstig hierdie regulasies goedgekeur is, of sonder dat 'n permit verkry is, na gelang van die geval, of in enige opsig die bepalings van hierdie regulasies oortree, dan besit die raad die bevoegdheid om aan sodanige persoon 'n kennisgewing te rig waarin van hom vereis word om sodanige woning, hut of ander struktuur te verwyder of om die werk wat in stryd met hierdie regulasies uitgevoer is, af te breek binne die tydperk wat in sodanige kennisgewing bepaal word.

Indien sodanige persoon by ontvangs van 'n kennisgewing soos voormeld, nalaat of versuim om aan die vereistes daarvan binne die tydperk wat in sodanige kennisgewing bepaal is, te voldoen, dan is hy skuldig aan 'n misdryf en die raad kan

sodanige/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sodanige woning, hut of ander struktuur verwyder of enige werk wat in styd met enige regulasies uitgevoer is, laat afbreek of verander op koste van sodanige persoon wat die werk veroorsaak het, en die koste aldus aangegaan, is verhaalbaar op sodanige persoon, wat ook by skuldigbevinding strafbaar is met die boete wat hierna vir 'n oortreding van die regulasies bepaal word.

105. Elke persoon wat 'n nuwe gebou oprig moet binne 'n redelike tydperk na die voltooiing van sodanige gebou skriftelik kennis aflewer of laat aflewer by die Raad van die voltooiing van sodanige gebou en moet op alle redelike tye binne 'n tydperk van sewe werksdae nadat sodanige kennisgewing aldus afgelewer is, aan die Ingenieur vrye toegang verleen tot elke deel van sodanige gebou vir die doel van inspeksie; en die Ingenieur moet dit binne sodanige tydperk inspekteer, en indien dit nie in ooreenstemming met die regulasies is nie, moet die Ingenieur die veranderings wat hy vereis uiteensit.

Geen gebou mag geokkupeer word nie alvorens 'n voltooiingsertifikaat deur die Ingenieur toegestaan is aan die eienaar dat sodanige gebou in elke opsig voldoen aan die vereistes van hierdie regulasies en ooreenstem met die planne en besonderhede ingedien by en goedgekeur deur die Raad. Die Ingenieur staan sodanige sertifikaat toe of gee voldoende rede op waarom dit geweier word, binne sewe dae nadat 'n skriftelike aansoek daarom aan hom gerig is deur die eienaar van sodanige gebou, en die eienaar van 'n gebou wat dit okkupeer of dit laat okkupeer of toelaat dat dit geokkupeer word voordat sodanige sertifikaat toegestaan is, word geag van die bepalins van hierdie regulasies oortree te hê.

106. Iedereen wat van plan is om 'n nuwe gebou op te rig moet aan die agterkant of sykant daarvan 'n oop ruimte verskaf van voldoende grootte, maar wat minstens 150 vierkante voet, wat uitsluitlik daaraan behoort, tot bevrediging van die Raad, wat vry moet wees van enige bouwerk daarop bo die hoogte van die grond, met uitsondering van 'n gemakhuisie van 'n soort wat deur die Raad goedgekeur is. Die gebou moet tot op so 'n lyn agteruitgesit word as wat die Raad mag vereis.

107. Niemand mag 'n nuwe gebou oprig op 'n bouterrein of gedeelte van 'n bouterrein wat opgevul is met of bestaan uit materiaal wat deurtrek of vermeng is met dierlike of plant-

aardige/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aardige stowwe of vullis, voordat sodanige stowwe of vullis verwyder en die uitgrawing opgevul is tot bevrediging van die Raad nie.

108. In elke geval waar die vogtigheid of die oppervlakte van die grond dit volgesn die mening van die Ingenieur nodig maak, moet iedereen wat 'n nuwe huishoudelike gebou oprig die hele grondoppervlakte of terrein van so 'n gebou behoorlik laat asfalteer of bedek met 'n laag goeie sementkonkreet van minstens ses duim dik en wat stewig gebind moet wees, of deur ander middels om deursypeling of vogtigheid te voorkom. Wanneer die bedoelde terrein van 'n nuwe gebou deel uitgemaak het van 'n kleiput of steengroef, of wanneer weens 'n uitgrawing en die verwydering van grond, gruis, klippe of ander materiaal van so 'n terrien, die hele of enige deel van die oppervlakte daarvan van sodanige diepte is benede die oppervlakte van die grond wat dit onmiddellik omgrens en naasaan sodanige terrein of enige terrein gelee is weens die natuurlike contour van die omliggende gebied en die kunsmatige of natuurlike kenmerke wat die hoogte van die hele of 'n gedeelte van die oppervlakte van sodanige terrein nodig maak vir die voorkoming van vog in enige deel van die gebou daarop, mag geen fondament wat 'n nuwe gebou op so 'n terrein of op so 'n gedeelte daarvan gelê word as wat vir voornoemde doel hoër gemaak moet word nie, tensy en totdat 'n behoorlike laag of lae sand en geskikte materiaal daarop geplaas is om so 'n terrein of so 'n gedeelte daarvan hoër te maak tot 'n voldoende hoogte en om 'n geskikte onderlaag te vorm vir sulke fondamente. Indien dit nodig bevind word moet fondamente trapsgewys in die helling tot bevrediging van die Ingenieur gelê word en alle steunmure wat nodig is of 'n gedeelte wat trapsgewys uitgekap is, moet gebou word tot bevrediging van die Ingenieur.

109. Iedereen wat 'n nuwe gebou oprig, moet elke buitemuur en skeidingsmuur van so 'n gebou maak van goeie en sterk bakstene, klippe, konkreet of ander materiaal wat deur die Raad goedgekeur is en van 'n dikte soos deur die Raad goedgekeur tot bevrediging van die Ingenieur ten opsigte van geboue van een of meer verdiepings, en elke skeidingsmuur in 'n gebou wat daaraan vasgebou is moet deurgebou word tot op 'n hoogte van minstens twaalf duim bokant die dak van sodanige gebou.

110./.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

110. Die fondamente van die mure van elke nuwe gebou moet stewig gelê word tot bevrediging van die Ingenieur.

111. Elke nuwe gebou waarvan die mure gemaak is van bakstene, klip of ander absorberende materiaal, moet tot bevrediging van die Ingenieur gebou word met 'n vogvrye laag minstens ses duim bokant die hoogte van die grond aan elke kant van die muur, maar nie nader as drie duim van die laagste kant van 'n bindbalk, draagbalk of muurplaat van die onderste verdieping nie.

112. Elkeen wat 'n gebou oprig, moet tot bevrediging van die Ingenieur voorsiening maak vir voldoende ventilasie van alle ruimtes onder die vloere.

113. Elke nuwe gebou moet gebou word met behoorlike dakrande en geute met reënwaterpype sodat die water op die dak weggelei kan word van die fondamente van so 'n gebou. Elke kamer in elke gebou moet deur natuurlike middels en tot bevrediging van die Raad behoorlik verlig en geventileer wees. Die agterkant van elke skoorsteenopening vanaf die vuurherd tot op 'n hoogte van 12 duim bokant die mantel, moet minstens $8\frac{1}{2}$ duim dik wees as dit in 'n skeidingsmuur is, en $4\frac{1}{2}$ duim dik as dit nie in 'n skeidingsmuur is nie, en geen timmerhout of houtwerk mag nader in 'n muur of skoorsteen geplaas word as 12 duim aan die binnekant van 'n pyp of skoorsteenopening nie. Op gelyke hoogte met die vloer voor die opening van die skoorsteen moet 'n plat klip, leisteen, konkreet of ander onontvlambare materiaal gelê word wat deur die Raad goedgekeur is, minstens 12 duim verder aan elke kant as die wydte van sodanige opening en minstens 18 duim breed aan die voorkant daarvan.

114. Die dak van elke nuwe gebou en van elke bestaande gebou wat hierna afgebreek word, moet bestaan uit materiaal wat deur die Raad goedgekeur is en moet 'n helling hê van minstens 1 in 4 met dien verstande dat in gevalle van geboue waarvan die dakke op die datum van afkondiging van hierdie regulasies van riet gemaak is, die Raad kan toestaan dat sulke dakke en uitbreidings daarvan met riet hernu mag word of daaruit mag bestaan; en verder met dien verstande dat die Raad kan toestaan dat die dakke van dispense, kombuise, stalle, gemakhuisies en buitegeboue wat nie gebruik word as woon- of slaapkamers nie, gemaak mag word met so 'n helling as wat hy behoorlik en voldoende ag.

115/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

115. Onderworpe aan die voorwaardes in Regulasie No. 95 hiervan vermeld, mag huishoudelike geboue en bouwerke, volgens die goedvinding van die Raad gebou of opgerig word met hout, of gedeeltelik met hout en gedeeltelik met ander materiale, op sulke wyse en van sodanige materiaal as wat deur die Raad goedgekeur mag word, met dien verstande dat die bepalings van die algemene bouregulasies van toepassing is op alle geboue van hierdie aard behalwe vir sover hulle in stryd is met die volgende voorwaardes:-

(a) Geen raamgeboue mag hoër wees as een verdieping nie, en sodanige geboue mag nie hoër wees as sestien voet bo die grond tot by die dakrande of die top van die muurplate nie.

(b) Geen sodanige gebou mag binne 'n afstand van minstens dertig voet van die middel van 'n ryweg wees nie.

(c) Aan die agterkant van elke sodanige woning moet 'n oop ruimte wees wat uitsluitlik aan so 'n gebou behoort, vry van enige bouwerk hoegenaamd, behalwe 'n veranda van nie meer as vyf voet breed nie, en sodanige oop ruimte moet sydelings uitstrek oor die hele breedte van so 'n gebou - die afstand oor sodanige oop ruimte nie meer te wees as vyftien voet nie.

(d) Die grond waarop so 'n woning staan, mag nie groter wees as een-vierde van die oppervlakte van die hele terrein nie.

(e) Geen deel van 'n woning mag binne 'n afstand van twintig voet van 'n raamgebou of binne vyftien voet van 'n ander gebou wees nie, tensy skeidingsmure van bakstene van minstens nege duim dik opgerig word en deurloop vir 'n afstand van twaalf duim bo die dak sodat dit 'n borswering vorm.

(f) Die fondamente van so 'n woonhuis moet, behalwe met skriftelike toestemming van die Raad, stewig en ononderbroke gelê word aan alle buitevlakke, en moet onder twee voet breed wees, en nie minder as ses duim dik nie; onder moet dit nege duim breed wees en opgebou word tot onderkant die vloer of fonderingsplaat.

(g)/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

manente geboue nie, onderwerpe aan die goedkeuring van die Raad, betreffende posisie en grootte, en moet alleen gebruik word om 'n voertuig onder dak te bring. Die permit vir so 'n garage is nie geldig vir langer as 12 maande nie, waarna die kwessie omtrent hernuwing deur die Raad in oorweging geneem word.

118. Iedereen wat 'n nuwe gebou van beton wil oprig of 'n bestaande gebou op dergelike wyse wil vergroot of verander, moet met die ingelewerde planne 'n kort verslag indien betreffende die metode van versterking wat gevolg sal word, die veronderstelde laste wat gedra moet word met werkende laste waarvoor voorsiening gemaak is, die materiale en verhouding van materiale wat gebruik moet word, en enige ander inligting wat gevra mag word deur die Ingenieur om hom in staat te stel om die Raad advies te gee met betrekking tot die goedkeuring daarvan of nie.

119. Iedereen wat die voorafgaande regulasies of 'n bevel van die Raad wat ingevolge daarvan uitgereik is, oortree, is by skuldigbevinding strafbaar vir die eerste oortreding met 'n boete van hoogstens £10, en vir elke daaropvolgende oortreding £20, en, ingeval 'n oortreding voortduur, met 'n verdere boete van hoogstens twintig sjielings vir elke dag waarop so 'n oortreding voortduur, nadat skriftelike kennis daarvan van minstens sewe dae deur die Raad gegee is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

AFDELINGSRAAD PAARL.

GESONDHEIDSDEPARTEMENT.

BYLAE VAN SPESIFIKASIE.

Aan die Sekretaris,
Afdelingsraad,
PAARL.

(Moet in duplikaat ingedien word).

Ek, die ondergetekende, doen hiermee aansoek om sekere bouwerk soos aangewys op die aangehegte planne, te doen en volgens die volgende Bylae van Spesifikasie, en ek onderneem om die werk uit te voer volgens die Raad se Bouregulasies.

.....
Handtekening van die Eienaar.

.....

Datum.....

.....
Adres.

BYLAE.

(MOET IN ALLE OPSIGTE VOLTOOI WORD)

NOMMER VAN ERF OF NAAM VAN PLAAS OF PERSEEL .....

.....

SOORT VAN BOUWERK (b.v. woning, stoor, stal, ens.) .....

.....

NAAM EN BREEDTE VAN STRAAT OF PAD WAAROP GEBOU FRONT .....

.....

FONDAMENTE. Materiaal .....

Onderste breedte van fondamente ..... Diepte ondergrond ..... Hoogte van die fondament mure bo die grond ..... Vogdiglaag van .....

..... Hoogte van vogdiglaag bo grond .....

MURE van .....

Dikte buite mure ..... Binne mure ..... Gemessel met .....

..... Buite mure gepleister met .....

..... Hoogte vanaf vloer tot plafon .....

SKOORSTEEN. Minimum hoogte bo dak .....

VENTILASIE. In mure ..... Onder vloere .....

Minimum ruimte onder vloere .....

VLOERE van ..... Vloer balke .....

Afstand van mekaar ..... Oorspanning van vloerbalke .....

..... Muurplate .....

PLAFON van ..... Plafon balke .....

VENSTERS van .....

VERHOUDING VAN VENSTER AREA TOT VLOER AREA (MINIMUM VAN 1/12de TOELAATBAAR) .....

DAKKE gedek met ..... Dak hout .....

GEMAKHUISE VAN BAKSTEEN MET BETON VLOERE. Grootte .....

.....

..... Afstand vanaf naaste woonkamer .....

DREINERING (Spesifiseer) .....

AREA VAN GROND OF PERSEEL .....

AREA WAT DEUR BOUWERK SAL BESLAAN WORD .....

BERAAMDE KOSTE VAN AL DIE BOUWERK WAAROP DIE APPLIKASIE BETREKKING HET £.....

'n Inspeksie Fooi van 10/- (Tien Sjielings) moet die Applikasie vergesel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DIVISIONAL COUNCIL OF PAARL.

HEALTH DEPARTMENT.

SCHEDULE OF SPECIFICATION.

To the Secretary,
Divisional Council,
PAARL.

(To be submitted in duplicate).

I, the undersigned, hereby make application to carry out certain building work as set forth in the plans submitted herewith and in accordance with the following Schedule of Specification, and I undertake to execute same strictly in accordance with the Council's Building Regulations.

.....
Signature of Owner.

.....

Date.....

.....
Address.

SCHEDULE.

(MUST BE COMPLETED IN ALL RESPECTS)

NUMBER OF PLOT OR NAME OF FARM OR PREMISES .....

.....

CLASS OF BUILDING WORK (e.g. dwelling, store, stable, etc.) .....

.....

NAME AND WIDTH OF STREET OR ROAD IN FRONT OF BUILDING .....

.....

FOUNDATIONS. Material .....

Width of footing ..... Depth of footing ..... Height of foundations above ground ..... Damp proof course of .....

Height of damp proof course above ground .....

WALLS of .....

Thickness external walls ..... Internal walls ..... Mortar .....

..... Outside walls plastered with .....

..... Height from floor to ceiling .....

CHIMNEYS. Height above roof .....

VENTILATION. In walls ..... Under floors .....

Minimum space under floors .....

FLOORS of ..... Floor joists .....

Distance of centre ..... Span ..... Wall plates .....

CEILINGS of ..... Ceiling joists .....

WINDOWS of .....

RATIO OF WINDOW AREA TO FLOOR AREA (MINIMUM PERMISSIBLE 1/12th) .....

.....

ROOFS covered with ..... Roof timbers .....

CLOSETS OF BRICK WALLS, CONCRETE FLOORS. Dimensions .....

.....

..... Distance from nearest living room .....

DRAINAGE .....

AREA OF THE LAND OR SITE .....

AREA TO BE COVERED BY BUILDING .....

ESTIMATED COST OF THE WORK COVERED BY THIS APPLICATION.....

An Inspection Fee of 10/– (Ten Shillings) must accompany this Application.

A.H.F. & S.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

This Form may also be obtained in English. BYLAAG D. Hierdie Vorm kan ook in Engels verkry word.

Stadsraad van Paarl.

AANSOEK OM GOEDKEURING VAN BOU-ONTWERPE.

Amptelike No. .....

WAARSKUWING.—Persone wat van plan is om te bou word hiermee gewaarsku dat enigeen wat met ELEKTRIESE KABELS, hetsy bo of onder die grond peuter, of BOME, PLAVEISEL, RANDSTENE of STRAATVORE beskadig, streng vervolg en vir skadevergoeding aanspreeklik gehou sal word.

DIT IS GEVAARLIK OM AAN ELEKTRIESE KABELS TE RAAK.

Aan die Stadsingenieur,
PAARL.

Datum.....195.....

Ek dien hiermee in duplikaat ontwerpe, deursneë- en aansigtekenings in, vir ondergemelde werk wat ooreenkomstig die Stadsraad van Paarl se Straat- en Bouverordeninge, die Dorpsaanlegskemas van Paarl en volgens onderstaande besonderhede uitgevoer staan te word.

Soort bouwerk verrig te word .....
(Meld of nuwe gebou, herbouing, aanbouing of riolering.)

Klas gebou .....
(Meld of huishoudelike, publieke, nywerheids of besigheidsgebou).

Erf no. ..... Stadsgebied .....
(Meld volle beskrywing van grond soos in transportakte aangegee.)

Voorkant aan ..... straat. Geraamde koste van gebou £.....

Funderings van buitemure van sement-beton ..... wyd en ..... dik, bestaande uit ..... klip ..... sand ..... sement.

Funderings van binnemure van sement-beton ..... wyd en ..... dik, bestaande uit ..... klip ..... sand ..... sement.

Fondamentmure gebou van .....

Meld gehalte van materiaal vir fondamentmure .....

Mortel in fondamentmure gemeng in die verhouding ..... sand ..... kalk ..... sement.

Buitemure van bowebou gemaak van .....

Binnemure van bowebou gemaak van .....

Meld gehalte van materiale vir bomure .....

Mortel in buitemure gemeng in die verhouding ..... sand ..... kalk ..... sement.

Mortel in binnemure gemeng in die verhouding ..... sand ..... kalk ..... sement.

Vogwerende laag van ..... Minimum-hoogte van vloer bo grondvlak .....

Trappe gemaak van ..... Wydte van aantreë ..... Hoogte van optreë .....

Dak gemaak van ..... en bedek met .....

Gee volledige beskrywing van waterdigmaking van betondakke .....

Benedevloere gemaak van ..... afgewerk met .....

Bovloere gemaak van ..... afgewerk met .....

Benedevloerse dwarsbalke ..... dm. x ..... dm., afstande ..... dm. vanmekaar.

Bovloerse dwarsbalke ..... dm. x ..... dm., afstande ..... dm. vanmekaar.

Plafonbalke ..... dm. x ..... dm., afstande ..... dm. vanmekaar.

Daksparre ..... dm. x ..... dm., afstande ..... dm. vanmekaar.

Hoek- of kielsparre ..... dm. x ..... dm. Muur- en dakplaat ..... dm. x ..... dm.

Middel van watervoorsiening .....
Applikante moet hulself op hoogte stel met die Waterverordeninge van die Raad.

VLOERE VAN STALLE EN LATRINES VAN ONDEURDRINGBARE MATERIAAL.
DAKKE VAN GEUTE EN AFVOERPYPE VOORSIEN.
GLASOPPERVLAKTE MINSTENS 1/10de VAN DIE VLOEROPPERVLAKTE.
LATRINES VAN MINSTENS 2 VK. VT. LIG EN VENTILASIE VOORSIEN.
MINIMUM-HOOGTE VIR WOONVERTREKKE 9 VOET VAN VLOER TOT PLAFON.
MINIMUM-VLOERRUIMTE VIR BEDIENDEKAMERS 80 VK. VT.

N.B.—Sal die gebou 'n fabriek wees soos omskryf in artikel 3 van die Fabrieke, Masjinerie en Bouwerkwet van 1941? .....
Indien so, is drie addisionele kopies van die ontwerpe, deursneë en aansigtekenings nodig vir oorhandiging aan die Inspekteur van Fabrieke vir sy goedkeuring.

RIOLERING.

Materiaal van rioolpype ..... Materiaal van valpype .....

Materiaal van vuilwaterpype .....

Meld of voorsien van stankafsluiting en verseker teen terugsuiging .....

Materiaal van ventilasieleiding .....

Hoe word rioolslyk en vuilwater weggeruim* .....
*Meld of deur middel van sypelriool, suigtenk of munisipale riool.

Naam en adres van artigtek .....

Handtekening en adres van eienaar of .....

Handtekening en adres van behoorlik gemagtigde verteenwoordiger .....

OPMERKING: (1) Bowendien moet alle ontwerpe **onderteken word.**

(2) Ekstra besonderhede moet verstrek word aangaande publieke geboue, hoë geboue en vuurvaste bouwerke. Ewewigsberekeninge van struktuurstaal en afmetinge van staalbewapening moet aangegee word.

NET VIR AMPTELIKE GEBRUIK.

Gelde betaalbaar .....

Datum betaal ..... Kwitansie no. .....

Ontwerpe ontvang deur ..... SPESIALE OPMERKING AGTEROP.

Amptelike Stempel.

Aan die ELEKTRIESE INGENIEUR.

Neem asb. kennis dat 'n plan goedgekeur is op .....vir .....

wat opgerig staan te word op .....

.....

Beraamde krag benodig .....

Opmerkings: .....

.....

Datum .....

.....
Stadsingenieur.

A.H.F. & S.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stadsraad van Paarl.

Afdeling van Stadsingenieur.

VOORSKRIFTE VIR BOU-ONTWERPE

ALLE TEKENINGS moet gemaak word op kalkeerlinne of doekafdrukke met wit agtergrond, na goedkeuring.
„ „ moet met swart Oosindiese Ink geteken word.
„ „ moet deur eienaar of behoorlik gemagtigde verteenwoordiger onderteken word.
„ „ moet van 'n aansoekvorm (verskaf deur die Raad) vergesel wees.

TEKENINGE VERLANG.

SKAAL.—1 dm. gelyk aan 8 vt.—Volledige werktekeninge van elke verdieping of hoogtevlak. Rioleringsontwerpe kan op 1 dm. gelyk aan 16 vt. wees en moet saam met bou-ontwerpe ingelewer word.

DIE PLATTEGROND moet dikte van mure, grootte van kamers, grootte van die gebou werks, in syfers, asook grootte van afvoerpype, aandui.

'n DEURSNEE deur gebou (meer dan een as gebou groot is of wanneer verlang) en afvoerleidings, as daar is.

VOORAANSIG na straat is nodig en enige ander aansig wat deur die Raad gevra mag w

TERREINONTWERP soos hieronder vermeld.

KLEURE.—Bogenoemde tekenings moet as volg ingekleur word:—

BAKSTEEN	Rooi.
HOUT (vir vloere of in vooraansigte)	Geel.
HOUT (in deursneë)	Rooibruin.
BETON of ondeurdringbare vloere van stalle, gemakshuisies, ens.	Groen.
STAAL of YSTER	Blou.
KLIP	Natuurlike kleur
BESTAANDE BOUWERK	Swart of Neutra

GEBOUE wat gesloop moet word moet duidelik op plan aangetoon word.

DIE TERREINONTWERP moet as gevolg geteken word:—

SKAAL.—1 dm. gelyk aan 40 vt., en moet aantoon: Die grootte van die terrein en die posisies van die voorg nuwe geboue en bestaande geboue daarop . (Afm van terrein en die afstand van geboue na gre moet in syfers aangedui word.)
Die posisie van die bestaande geboue op die aangrensende
Die erfnommers, straatname en stadsgebied, of voorstad.
Waaruit bestaande geboue saamgestel is, d.i. baksteen, o en yster, ens.
Wydte van aangrensende strate.
Die noordelike rigting.

TERREINONTWERPE moet as volg ingekleur word:—

Voorgenome bouwerk	Rooi.
Bestaande bouwerk	Swart of Neutraal.
Sloopwerk	Blou gestippelde omly
Oop ruimtes	Ongekleurd.

OPMERKING INSAKE RIOLERING.

Waar riolering van geboue uitgevoer moet word, moet ontwerpe ooreenkomstig die munisipale rioleringsverord ingedien word:—

Onderstaande besonderhede moet aangedui word:—

(1) Alle mure en vensters binne 20 vt. van enige rioolopening.
(2) Baddens, waterklosets, wasbakke, ens.
(3) Helling van afvoerleidings.
(4) Alle pype en groottes in syfers.
(5) Afvoerkanale bo die grond en afvoer pype.

Rioleringsontwerpe moet as volg ingekleur word:—

Rioolslykafvoerleidings	Bruin ink.
Ventilasiepype daarvan	Rooi ink.
Bestaande afvoerleidings	Swart ink.
Oop ruimtes	Ongekleurd (tensy ge
Uitlooppype van baddens, ens.	Groen ink.
Ventilasiepype daarvan	Blou ink.
Bestaande werk	Bleekswart Oosindies

Die volgende verwysings moet op die tekenings gebruik word:—

W.C.—Waterkloset.
G.—Rioolput op werf of binneplaas.
O.V.P.—Ventilasiepyp-opening.
S.P.—Rioolslykpyp.
F.A.I.—Inlaat vir varslug.
I.C.—Inspeksieput.
I.E.—Inspeksiekoker.
S.—Kombuiswasbak.
S.H.—Vuilwatertregter.
L.B.—Handewasbak.
H.M.S.—Wasbak vir bediendes (slegs om tioletware te wa vir slaapkamervuilwater nie).
B.—Bad.
U.—Urinaal.
C.—Waterbak.
T.—Stankafsluiter.
R.W.P.—Reën- of ondergrondse waterafvoerpyp.
W.P.—Vuilwaterpype.
W.P.V.—Ventilasie-opening van vuilwaterpyp.

OPMERKING.—Rioleringsontwerpe moet duidelik die posisie van alle toebehore ten opsigte van aangrensende kamers e en vensteropenings aantoon.

VOORLEGGING VAN ONTWERPE.

ALLE ontwerpe moet by die Bouwerkinspekteurskantoor, Departement van die Stadsingenieur, Stadsaal, ingedien word toorure daagliks, 8.30 v.m. tot 12.30 n.m. en 2 n.m. tot 4.30 n.m. Saterdae: 8.30 v.m. tot 12 middag.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

B I B L I O G R A F I E

BOEKE

Kotze, P.W. : Namakwaland. Kaapstad, Nasionale Pers Bpk., 1943.

Lynd, R.S. en H.M. : Middletown. London, Constable and Co., Ltd., 1929.

The Research Section of the Department of Economics and certain specialists in other Departments University of Natal: The Durban Housing Survey. University of Natal Press, 1952.

Young, P.V. : Scientific Social Surveys and Research. Prentice Hall, Inc. New York, 1944.

OFFISIËLE PUBLIKASIES:

Eerste Jaarverslag van die Adviserende Kleurlingraad, U.G. 28/1944.

Tweede Jaarverslag van die Adviserende Kleurlingraad. U.G. 41/1945.

Derde Jaarverslag van die Adviserende Kleurlingraad. U.G. 45/1946.

Vierde Jaarverslag van die Adviserende Kleurlingraad, U.G. 10/1948.

Jaarverslag van die Kommissaris van Kleurlingsake vir die jaar geëindig 31 Maart 1952.

Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, No. 21/1940.

Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, No. 25/1949.

Wetgewing/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

WETGEWING:

Wet No. 53 van 1934 (Die Slumswet).

PAMFLET:

Plaasarbeid in die Oranje Vrystaat. Suid-Afrikaans Instituut vir Rasseverhoudings, Johannesburg, 1939.

TYDSKRIFARTIKEL:

Modern Housing for Farm Natives. Farmers Weekly, July 30, 1952. (Vol. 83).